

# Pretoriana

Uitgawe Dr. Willem Dunt



TYDSKRIF

JOURNAL

VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA  
OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

Prys R 2,00 Price

## INHOUD

1. Van die redaksie . . . . .	2
2. Lewenskets Willem Henry Jacobus Punt – <i>Willem J. Punt</i> . . . . .	3
3. Afkoms en kinderjare – <i>A.C. de Villiers</i> . . . . .	4
4. Dr W.H.J. Punt – <i>Dr S Meiring Naudé</i> . . . . .	9
5. Dr Willem H.J. Punt 1900–1981 – <i>Ton Koot</i> . . . . .	11
6. Dr Punt as onderwysman – <i>A.C. de Villiers</i> . . . . .	15
7. Dr Willem Punt en die Genootskap Oud-Pretoria – <i>F.J. duT Spies</i> . . . . .	17
A. Ontstaan	
B. Bestuur	
C. Sake uit die notule	
D. Skilderye	
E. Straat- en plekname	
F. <b>Pretoriana</b>	
G. Ou geboue	
H. Wapen	
I. Die Holfordplan en Kerkplein	
J. Die Bras Pereirahuis	
8. Die aandeel van dr W.H.J. Punt in die daarstelling van die Gedenktuin in Maputo, ter herinnering aan die Louis Trichardt-trek – <i>J de W. Trichardt, voorsitter van die Louis-Trichardt-genootskap</i> . . . . .	30
9. Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is – <i>Dr W.H.J. Punt</i> . . . . .	31
10. 'n Reis met dr Punt in 1976 – <i>Hannes Meiring</i> . . . . .	35
11. Stigtings en ander organisasies – <i>A.C. de Villiers</i> . . . . .	39
12. Publikasies – <i>F.J. du T. Spies</i> . . . . .	40
13. Artikels van historiese aard – <i>A.C. de Villiers</i> . . . . .	42
14. Rolprente en skyfies – <i>A.C. de Villiers</i> . . . . .	46
15. “Sy belangstelling in ons volksverlede” – <i>Dr G.W. Eybers</i> . . . . .	46
16. Begrafnis . . . . .	47
17. Voorsittersverslag. Jaar 1982/1983 . . . . .	49

## VAN DIE REDAKSIE

Die lewe van elke persoon word begrens deur twee datums, geboorte en dood. Die van dr Punt is 26 April 1900 en 22 Mei 1981. Gebore op Elandsfontein (Germiston) is hy in Pretoria oorlede. Geografies is die twee plekke nie ver van mekaar nie. Maar in hierdie geval lê 'n hele menselewe daartussen. Hierdie uitgawe van *Pretoriana* word aan die lewe en werk van hierdie man, dr Willem Punt, gewy. Dit spyt ons dat dit so laat, meer as twee jaar na sy oorlye, verskyn, maar omstandighede het meegebring dat dit nie vroeër kon nie. Hiermee vereffen die *Genootskap Oud-Pretoria* 'n ereskulde en bring 'n, hoewel laattydige, hulde aan sy stigter en geestelike leier. Ons dank aan al die persone en instansies wat aan hierdie uitgawe meegewerk het, by name die volgende:

Mnr Ton Koot en die redaksie van die maandblad *Zuid-Afrika* vir toestemming om die voortreflike artikel van eersgenoemde in die uitgawe van Junie 1981 hier te herdruk. Mnr Koot was 'n goeie vriend en geesgenoot van dr Punt en, soos bekend, 'n vooraanstaande beyweraar vir die bewaring van historiese geboue en ander kultuurgoedere in Nederland. "Hy sê dinge wat ek self graag sou wou gesê het", het hy by geleentheid van dr Punt gesê na die twee saam die Kruger-wildtuin besoek het.

Dr S Meiring Naudé, nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel, en die redaksie van *Restorica* vir toestemming om sy artikel uit die uitgawe No 10, Desember 1981, oor te neem.

Mnr Hannes Meiring vir sy artikel oor 'n reis wat hy in 1976 saam met dr Punt en mnr George de Souza, 'n kameraman van die Suid-Afrikaanse Filmraad, rondom die wêreld onderneem het, op die spoor van oud-Hollandse geboue in Brasilië, die eertydse Nederlandse Antille, Taiwan, Hongkong, Macao en Sri Lanka.

Mnr J de W Trichardt, voorsitter van die Louis Trichardt-genootskap vir sy oorsig van die aandeel van dr Punt aan die oprigting van die Trichardt-gedenktuin in Maputo.

Mej A C de Villiers vir haar BA(Hons)-skripsie oor dr Punt, wat deur mnr Willem Punt aan ons ter beskikking gestel is. Sy het kennelik in 1974, die jaar van die skripsie, persoonlike onderhoude met dr Punt gehad. Uiteraard is dit nie doenlik om 'n hele skripsie oor te neem nie. Daarom is brokstukke of uittreksels daarvan gebruik, onder andere 'n nuttige lys van historiese artikels en ander publikasies van dr Punt. Aangesien die skripsie in 1974 geskryf is, sewe jaar voor sy lewenseinde, is dit natuurlik nie volledig nie. Ons verontskuldigdig aan die skryfster vir die wyse waarop haar geskrif opgebreek is.

Die redaksie van *Koedoe* vir 'n gedeelte van dr Punt se artikel "Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is", wat uit die uitgawe 3/1960 oorgeneem is.

Die familie Punt, meer in besonder dr Punt se oudste seun, mnr Willem Punt, vir foto's en dergelike wat vir hierdie uitgawe beskikbaar gestel is.

Origens het skrywer hiervan probeer om dr Punt se aandeel aan die Genootskap Oud-Pretoria te skets aan die hand van enkele sake uit die notule wat in die begindae op sy inisiatief aangepak is.

Daar is by die skrywe hiervan nog enkele beloofde artikels uitstaande en hulle kan hier dus nie genoem word nie. Die moontlikheid dat hulle nog kan

opdaag en opgeneem word is egter nie uitgesluit nie. So ook ons dank daarvoor. To our English-speaking readers we apologise for having been unable to obtain any English-language contributions for this issue.

## LEWENSKETS WILLEM HENRY JACOBUS PUNT

Gebore te Elandsfontein (Germiston) ZAR op 26 April 1900. Vader was Jacob Punt van die NZASM, gebore te Amsterdam 1870, oorlede te Pretoria 1960. Sy moeder was Cecile H. Ruwers gebore te Hilversum 1879, oorlede te Pretoria 1965. Daar was een broer, Jacobus Johannes Pieter, oorlede Pretoria 1904, ouderdom 18 maande en suster Cecille Jacoba (Cobie), oorlede Pretoria 1973. Haar ouer suster, mev Cecile de Ridder, woon nog in Pretoria. Dr Punt laat vyf kinders, vyf skoonkinders en dertien kleinkinders en een agterkleinkind agter. Die moeder is mev Phyllis Emily Punt gebore Barry, van Pretoria.

Willem Punt het sy skoolopleiding aan die Eendracht-Lagere Skool en die Hogere Oost Eind School, behalwe vir 'n onderbreking in 1908 in Nederland, gehad. Hy word onderwyser en behaal sy onderwys-diploma aan die Normaal-kollege. Later behaal hy sy B.A. en M.A. aan die Transvaal University College (Universiteit-Pretoria) en in 1953 die D.Phil aan die Universiteit Stellenbosch met die proefskrif "Louis Trichardt se Laaste Skof".

Dr Punt was skoolhoof van Voortrekker-Laerskool 1935–1946 en Danville Laerskool 1946–1959. Hy is die oprigter van Genootskap Oud-Pretoria 1948, Trichardt-Genootskap, grondlegger van die opelugmuseumgedagte 1953, oprigter en eerste direkteur van die Stigting Simon van der Stel en oprigter van die Stigting Jan van Riebeeck, waardeur die Van Riebeeckhuis in Culemborg gered en gerestoureer word. Die Stigting Simon van der Stel se groot bewaringsprojekte; Fort Merensky en Bothsabelo, Coornhoop, Tulbagh- en Graaff Reinets-huise, Macrorie House, Bradshaw-meul, word gedurende sy direkteurskap 1959–1973 aangepak. Hy word opgevolg deur sy seun Willem 1973–1978. Vanaf 1974–1979 was dr Punt honorêre geskiedenisadviseur van die Stigting Simon van der Stel.

Hy het persoonlik daarin geslaag om die Boere-Oorlogteëlablos, nou in Bloemfontein, uit Nederland vir Suid-Afrika te verkry, asook die skilderye van goewerneurs M.P. de Chavonnes en Van Plettenberg, mev. Van Plettenberg en Augusta de Mist.

Die stryd om die behoud van die Wesfasade van Kerkplein is deur dr Punt in 1948, met die oprigting van die Genootskap Oud-Pretoria, begin – 'n stryd wat hy later 1975–1980 as lid van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein help voortsit het. Dr Punt was ook 10 jaar lank lid van die ou Historiese Monumentekommissie.

Dr Punt se navorsing oor die Voortrekkerroetes lei in 1941 tot die ontdekking van die Trichardt-grafes in Lourenço Marques waar in 1968 die Tregard-Trek-Gedenktuin ingewy word.

Eerbewyse wat dr Punt ontvang het is onder andere die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns se erepenning, die Stigting Simon van der Stel en Stigting

Jan van Riebeeck en die Trichardt-Genootskap se erepenninge. Die Stadsraad van Lourenco Marques se erepenning ontvang hy in 1968. Op 27 Julie 1981 is in die Tuynhuis in Kaapstad die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens postuum aan Willem H.J. Punt toegeken.

*W. Punt (Oorgeneem uit begrafnisaankondiging)*

## AFKOMS EN KINDERJARE

Op 3 Februarie 1870 is Jacob Punt, vader van dr Punt, in Amsterdam gebore. Sestien jaar later ondergaan hy sy militêre diensplig aldaar en binne ses jaar word hy bevorder tot onder-offisier. Op die jeugdige ouderdom van 22 jaar is hy alreeds tweede luitenant by die Sewende Regiment Infanterie van Amsterdam.

Kort hierna besluit hy om sy broer na die Z.A.R. te volg. Hy vertrek in 1893 met die "Tartar" na die Kaap en net soos sy broer tree hy in diens van die toenmalige Nederlandsch Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatschappij (N.Z.A.S.M.) te Elandsfontein (vandag Germiston). Hy begin as goedereklerk, maar deur harde werk vorder hy binne drie jaar tot aflos-assistent-chef. Hy werk onder ander op Boksburg, Braamfontein, Johannesburg, Pretoria en Nelspruit. In 1898 word Jacob Punt die asst.-stasiechef van Elandsfontein.

Intussen ontmoet hy nog 'n oud-Amsterdammer in die persoon van Cecile Henriette Ruwers (haar vader was die stasiechef van Randfontein) en op 20 April 1899 tree hulle op Krugersdorp in die huwelik en vestig hulle op Elandsfontein. Net voor die uitbreek van die oorlog tree hy op as waarnemende chef van Germiston. Op 26 April 1900 sien hul eersteling Willem Henry Jacobus die lig en word in die Irene-kerk deur ds. P.G.J. Meiring gedoop.

Intussen het die oorlog in Oktober 1899 uitbreek en begryplik is die N.Z.A.S.M. en sy werknemers ook by die oorlog betrek. Die families Punt en Ruwers was lojaal aan die Boere. "Met die uitbreek van die oorlog", vertel dr Punt, "is Oupa Ruwers deur die N.Z.A.S.M. aangesê om met die burgers na die Colesberg-front te gaan. Daar het hy, as Z.A.R.-stationchef van Burgersdorp, spoorweg-vervoer vir die kommando's en publiek gereël. Toe die Boere moes terugtrek is hy saam met die burgers na Bloemfontein. Na 'n paar dae diens op Bloemfontein-stasie is hy weer terug na Johannesburg. Om die Engelse te vertraag het hy die sleutels van die seinapparate saamgeneem en langs die pad weggegooi".

Van die aankoms van die Engelse op die Rand vertel dr Punt: "My ma gaan op die spoorbrug staan om te kyk hoe die laaste N.Z.A.S.M.-trein na Pretoria vertrek. Kort-kort hoor sy 'n gefluit om haar, toe sien sy dat die Engelse voorhoede die trein reeds voorgekeer het. Die gefluit om haar was Engelse koeëls! Elandsfontein was ingeneem! Kitchener laat al die N.Z.A.S.M.-personeel daar en dan gevange neem. Maar nou moet daar manne wees om die spoordiens te reël. Generaal Kitchener vra wie van die personeel in Engelse diens sou oorgaan. My pa en al die Hollanders weier voor die voet."

In dié atmosfeer het die jong Willem Punt opgegroeï en dit moes onwillekeurig 'n groot indruk op sy ontvanklike kindergemoed gemaak het.

As gevolg van sy militêre opleiding in Nederland is Jacob Punt na Natal



*Willem Punt in Groningen, Nederland in 1903, kort voor terugkeer na Transvaal.*

gestuur om die militêre verkeer van die Boere te reël. Interessant is die feit dat hy in bevel was van die trein wat Winston Churchill (toe nog 'n jong oorlog-korrespondent) na Pretoria moes vervoer. Hy het ook generaal De Wet se kommando vervoer. Later, net voor die Rebelle, het hy en De Wet mekaar in Pretoriusstraat raakgeloop en genl. De Wet het Jacob met 'n uitgestreke hand tegevoet gekom en hom bedank vir sy goeie werk tydens die oorlog wat nie onopgemerk by die genl. verbygegaan het nie. Vir sy uitstaande werk het Jacob ekstra vergoeding van sy maatskappy ontvang, maar die oorlog het 'n negatiewe wending vir die Boere begin neem; die gety het gekeer.

Nou breek moeilike tye aan vir die Punt-gesin. Die personeel van die N.Z.A.S.M. word gevange geneem en in die plaaslike skool opgesluit en hul vrouens moes hul van voedsel voorsien. Vir vroue en kinders is geen voorsiening gemaak nie. Werkers is met verloop van tyd losgelaat, maar nie die chefs en hoofde nie. Met die aankoms van 'n nuwe Britse offisier gee Jacob voor dat hy 'n gewone werker is, word vrygelaat en vlug met sy vrou en kind na Johannesburg (met van die stasiesleutels in sy besit!). Lank het hulle die nuutgevonde vryheid nie gesmaak nie of die Engelse kom hul fout agter, spoor vir Jacob op en deporteer die gesin na Holland. Nou begin die ontberings en vernederings eers. Hulle word na Oos-Londen vervoer in oop trokke in haglike omstandighede. Mev. Punt se dagboek getuig egter van haar sterk karakter en vermoë om te organiseer en kop te hou in benouende en chaotiese toestande. Ook die rit per boot was ewe ongerieflik en daar is swaar afskeid van Suid-Afrika geneem.

Die gesin vestig hulle agtereenvolgens op Noordwyk aan Zee, Groningen en Arnhem, waar 'n suster vir Willem, Cecile, in 1901 gebore word. Die verlange na Suid-Afrika en veral Transvaal was maar steeds aanwesig en mev. Punt het haar bearbei vir Boere-noodleniging. Met die vrede van Vereeniging besluit hulle om hulle weer in Transvaal te gaan vestig. Toestemming hiervoor is van koning Eduard VII verkry en hulle ontvang ook vergoeding vir die verliese wat hulle gely het. Met die stoomboot "König" vertrek hulle teen die einde van 1903 vanuit Ymuiden na Kaapstad.

Willem Punt, 'n skamele drie jaar oud, herinner hom nog dat hy saans in die eetsalon op 'n rooi tapyt albasters uit 'n Van Houten-Cacao-blik gespeel het. Van Kaapstad is die gesin per trein na Transvaal waar hulle met die Ruwers-gesin herenig is. In Pretoria huur Jacob 'n huisie op die noordoostelike hoek van Du Toit- en Skinnerstraat maar kon geen werk vind nie. Veral die feit dat hy tydens die oorlog Krugergesin was, tel geweldig teen hom. Alle poste is vir Engelse gereserveer. Hy en sy broer Egbert open 'n tabakwinkel in Markstraat, maar dit was alles behalwe florerend en die inkomste onvoldoende. Die gesin verhuis weer en nou verhuur hulle kamers as aanvulling tot hul karige inkomste. Die gesin word verder beproef deur die afsterwe van hul jongste seun.

Willem onthou nog dat hy saam met sy moeder aan die einde van 1904 (16 Desember) by die Suzannazaal in Vermeulenstraat na die herbegraving van pres. Kruger staan en kyk het. Hy onthou veral die met swart bedekte perde.

Jacob vul sy inkomste aan deur boekhouer te wees vir die kleremaker Pearlman in Pretoriusstraat.

In 1906 word Willem en Cecile Punt leerlinge aan die Staatsgimnasiumskool (Engelsmedium) en hul vorder goed. Die jong Willem was veral goed in tekenwerk en is na st. 1 oorgeplaas, maar dit was vir hom moeilik veral aangesien die

taalmedium vreemd was en mettertyd het skool vir hom 'n nagmerrie en uiters onaangenaam geword as gevolg van dikwels onregverdige afranselings.

In 1908 is mev. Punt, haar seun en twee dogters na Holland met die "Commonwealth", vir 'n tydperk van een jaar. Hulle kuier in Noordwyk en loseer daarna op die Overtoom in Amsterdam. Aangesien die Jan Pieter Heyerskool langs hulle huis was, is Willem en Cecile daar opgeneem en vorder weereens goed.

In Maart 1909 keer die gesin met die "Durham Castle" terug via Southampton en Kaapstad en vestig hulle weer in Pretoria, Strubenstraat 290. In April 1909 is al drie die kinders na die "Eendracht Lagere School" waar hulle een standerd teruggeplaas is weens gebrekkige kennis van Engels, maar met harde studie beland hulle onder die eerstes van die standerd twee-klas. Die helfte van die vakke is deur medium Engels gegee. "From childhood I have been interested in history and geography. When I was in Std. II, my teacher once had us draw a map on which we had to fill in the street names of central Pretoria. I had to manage on my own, walked around for two days looking up all the street names and was the only one to gain full marks for the assignment", so vertel dr Punt later.

Met die afskaffing van die hoër afdeling van hierdie skool is hy na die Hogere Oost Eind School waar hy in 1918 matriculeer.

Daar is sekere episodes uit sy jeug wat dr Punt baie goed onthou. In 1914 byvoorbeeld het generaal De Wet sy hand geneem en hom genooi om by hom op sy plaas waatlemoen te kom eet. Van skone verstomming in die teenwoordigheid van die beroemde De Wet kon Willem Punt net 'n stamelende "ja" uiter. In dieselfde tyd (1914–1916) staan dit hom helder voor die gees dat na De Wet se vrylating in 1916 uit die Fort in Johannesburg hy in Pretoria verwelkom is in die White Horse-Hotel in Kerkstraat. 'n Groep van die Oost Eind Hogere School, waaronder ook Willem, het die generaal gaan groet en hy herinner hom die moeë, maer man in die geselskap van dr. H. Van Broekhuysen en ander rebelle. Dit was geen feestelike ontvangs nie, maar die jong seuns het 'n heldeverering vir De Wet gekoester. Die seuns het hom na die begrafnis van mev. Piet Joubert gaan groet en so aangedaan was hy deur hulle heldeverering dat hy hulle met betraande gesig gegroet het.


Tydens die Puntse verblyf in Strubenstraat het die eerste volksraadverkie-  
sing van Transvaal plaasgevind en Jacob Punt was 'n verkiesingsagent vir genl. Botha wat teen Percy Fitzpatrick verloor het. As beloning is hy 'n betrekking by die spoorweë aangebied, maar hy weier om 'n Engelse toets af te lê. Die Puntse het in Pretoria gebly waar hul kinders opgegroeï het. Jacob Punt is in 1960 oorlede en Cecile Punt in 1965.

In 1920 wou Willem Punt gaan studeer. Dr Hjalmar Reitz wat vroeër jare by die Puntse 'n kamer gehuur het, was toe L.U.K. en hy help hom om met 'n beurs toegelaat te word tot die Normaalkollege in Pretoria.

In 1922 behaal hy die Onderwysers-derdeklasseertifikaat (O<sub>3</sub>) en in 1923 die B.A.-graad aan die TUK met hoofvakke Geografie en Ekonomie. In 1930 behaal hy die tweedeklasse onderwysersertifikaat (O<sub>2</sub>) en in 1932 die M.A.-graad in Aardrykskunde aan die Universiteit van Suid-Afrika met 'n skripsie oor "The geographic influences on the economic and commercial development of the Springbok Flats". Eers in 1953 volg sy Ph.D.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch op grond van sy baanbrekerswerk "Louis Trichardt se laaste skof".

*A.C. de Villiers*





## DR W.H.J. PUNT

*Dr S. Meiring Naudé, nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel*

Willem Henry Jacobus Punt is op 26 April 1900 te Germiston gebore. Hy woon die volgende skole by:

Staatsgimnasium, Pretoria – 1906

Jan Pieter Heyerskool, Amsterdam – 1908

Eendrachtsskool, Pretoria – 1909–1916

Oost Eind Hoërskool, Pretoria – 1917–1918

In 1925 behaal hy die Tweedeklas Onderwysersertifikaat aan die Normaal-kollege in Pretoria, daarna die B.A.-graad in 1923 aan die Transvaalse Universiteit-kollege (TUK) en die M.A.-graad in aardrykskunde in 1932 aan die Universiteit van Pretoria. Hy slaag ook in die kapteineksamen in 1933 aan die Militêre Kollege in Pretoria.

Hy begin sy loopbaan as klerk in die Staatsdiens 1919–1920 en lê hom daarna toe op die onderwys in Brits (1920), Die Normaalkollege (1921–22), Randjesfontein (1923), Brakpan (1924–26), Voortrekkerhoogte (1926–28), en Suid-skool, Pretoria (1929–35). Hy word skoolhoof van die Voortrekker Laerskool (1936–46) en die Danville Laerskool (1947–58). Intussen gee hy ook natuurse lesings aan TUK in 1925 en 1928 en aan die Tegnieke Kollege, Pretoria van 1934–45.

Van 1953 tot 1968 was hy lid van die Historiese Monumentekommissie en van 1960 tot 1970 lid van die Raad van Heraldiek.

In 1958 slaag hy daarin om met die hulp van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns die Stigting Simon van der Stel op te rig om ons Kaap-Hollandse erfenis asook die pionierswonings in die binneland vir die nageslag te bewaar. Op die stigtingsvergadering in die Kasteel de Goede Hoop in April, 1959 word hy tot die eerste direkteur benoem. Hierdie amp het hy tot September 1974 beklee en daarna was hy tot 1978 die kultuur-historiese adviseur van die Stigting.

Gedurende die tyd dat hy direkteur van die Stigting was, is vyf eiendomme in Kaapland, twee in Transvaal en een in Natal aangekoop en gerestoureer, duisende rand vir bewaring ingesamel en 4300 lede gewerf. Die eiendomme is Coornhoop in Kaapstad, twee huise in Tulbagh, die Bradshaw-meul naby Bathurst, 'n huis in Graaff-Reinet, die Krugerplaas, Boekenhoutfontein, naby Rustenburg, die Botshabelo-sendingstasie naby Middelburg, Tvl. en die Macroriehuis in Pietermaritzburg. Dr Punt het veel bygedra om Suid-Afrika bewaringsbewus te maak.

Reeds in 1914 toe hy nog 'n seun was het hy begin belangstel in die vasstelling van die roetes waarlangs die Voortrekkers die binneland ingetrek het maar in 1928 het hy in alle erns die taak aangepak. Hy het veral die trekke van Louis Trichardt, Johannes van Rensburg en Hendrik Potgieter nagevors. Dit was die eerste keer dat terreinnavorsing oor die geografiese aspek van die Groot Trek in Suid-Afrika aangepak is. Hierdie navorsing is saamgevat in 'n proefskrif "Louis Trichardt se Laast Skof" waardeur die Ph.D-graad in 1952 deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken is.

In 1945 het hy die begraafplaas van die Trichardt-trek in Lourenço Marques vasgestel. In 1953 kom 'n Louis Trichardt-monumentfonds tot stand en R70 000 word daarvoor ingesamel. Daarmee word die begraafplaas gekoop en 'n Gedenk-

tuin word met behulp van die argitek J. de Ridder in 1963 voltooi.

As lid van die Historiese Monumentekommissie het hy 'n groot aantal historiese plekke en geboue nagevors en vir proklamasie aanbeveel. Sodoende is die Staatsmodelskool in Pretoria gered en die Militêre Hoofkantoor en huise in Artillerieweg geproklameer. In Natal het Bloedrivier, Congella en Elandslaagte sy aandag geniet, en in Noord-Transvaal Schoemansdal en die verskillende paaie na die Ooskus. Ook het hy vasgestel waar die Van Rensburg-trekkers aan die Limpopo in Mosambiek vermoor is.

In 1945 het hy met behulp van dr. Jan Ploeger die feestelike herdenking van die opening van die ZASM-spoorlyn na Delagoabaai in 1895 deur die Staat in Pretoria gereël.

Die volgende publikasies het uit sy pen verskyn: Louis Trichardt se Laaste Skof; The White Walled Beauty of the Cape; Our Cape Gables; Voortrekker Routes in Africa; Die Anglo-Boere Oorlog Teëlalbum en die Eerste Europeane in die Nasionale Krugerwildtuin.

Hy het hom beywer vir die behoud van die Jan van Riebeeckhuis in Culemborg, Nederland en is die oprigter van die Van Riebeeckstiging in Suid-Afrika.

Deur sy toedoen is die unieke teëlpanele van die Anglo-Boere oorlog in Rotterdam in 1971 vir Suid-Afrika gekoop en ontbrekende teëls in Nederland vervaardig. Hierdie versameling word tans in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein uitgestal.

Hy het ook die portrette van goewerneur en barones van Plettenberg asook van die goewerneur de Chavonnes en sy vrou vir die Kasteel de Goede Hoop opgespoor.

Die waterverfskilderye van Oud-Pretoria (1885–1890) deur Whitehead is deur hom in St. John, Newfoundland, aangekoop en is tans in die besit van die Stadsraad van Pretoria.

Hy het goue pennings vir kultuur prestasie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en vir dienste i.v.m. bewaring in Suid-Afrika van die Stigting Simon van der Stel ontvang. Hy het silwerpennings ontvang van die Historiese Monumentekommissie vir 15 jaar diens i.v.m. historiese bewaring, van die Stigting Simon van der Stel vir die koop en restourasie van Boekenhoutfontein asook silwerpennings van die Stadsraad van Lourenço Marques, vir die organiseer van die ZASM-fees in 1945 en die Ton Koot-penning vir die bewaring van ons Hollandse erfenis in Suid-Afrika en Nederland.

In 1981 is die Dekorasie vir Voortreflike Diens postuum deur die Staatspresident aan hom toegeken vir sy groot bydrae tot bewaring in Suid-Afrika.

Hy was getroud met mej. Barry. Uit die huwelik is 3 seuns en 2 dogters gebore. Dr. Punt is op 22 Mei 1981 in Pretoria oorlede.

(oorgeneem uit *Restorica* No. 10, Desember 1981)

## DR WILLEM H.J. PUNT 1900—1981

De eik is geveld.

Met een eik mochten wij hem graag vergelijken, als een toonbeeld van kracht maar ook met een rhinoceros (renoster) om zijn bijna onstuitbaar doordrijven, als hij meende in zijn recht te staan.

Dr Willem Punt is geveld door de gevaarlijke ziekte, die hem de jongste tijd teisterde. Op 22 mei j.l., is hij in Pretoria verscheiden.

Hiermee is zijn land een grondig kenner van zijn volken met hun gebruiken, van zijn geschiedenis en van zijn grondstoffen, ontvallen.

Hij was een standvastig en hartstochtelijk verdediger van zijn taal en zich diep bewust van de verbondenheid met zijn moederland: Nederland.

Dat de regeringen van Nederland van de laatste jaren dit negeerden was een zaak, die hij niet kon vatten en hem ernstig verdriete.

De breuk tussen Nederland en Zuid-Afrika heeft hij nooit kunnen en willen begrijpen, ook omdat hij altijd door vrijwel iedereen, die hij in Nederland ontmoete, vriendschappelijk werd ontvangen en met hen discussieerde. Dat sterkte hem in de overtuiging, dat de volken elkaar goed gezind waren, maar dat het enige onwetenden en vijandig gezinden in de politiek en de landsregering waren, die de verwijdering veroorzaakten en handhaafden.

Willem Punt werd op 26 april 1900 te Elandsfontein (Germiston) geboren uit Nederlandse ouders. Zijn vader was een Kruger-Hollander, die zelf oorspronkelijk uit Amsterdam kwam. Willem genoot zijn opleiding aan die Oosteind's Hogere School, studeerde aan het Pretoriaans Onderwijs College en aan het Transvaalse Universiteitscollege, waar hij zijn Magistersgraad met aardrijkskunde als hoofdvak verwierf. In 1923 werd hij schoolhoofd.

Na 37 jaar sloot hij zijn onderwijscarière af in Pretoria Danville.

Willem Punt voelde zich sterk aangetrokken tot de geschiedenis van zijn land, waarover hij veel heeft gepubliceerd. Zijn dissertatie wijdde hij aan de pionier Louis Trichardt. Dienst laatste trek volgde hij op de voet tot de Delagoabaai, een reis, die hij meter voor meter heeft geregistreerd.


Twintig jaar lang maakte hij studiereizen en expedities langs de lange en moeizame trek van deze voortrekkersleider. In 1952 promoveerde hij hierop bij prof. dr. H. Thom te Stellenbosch. Zijn dissertatie verscheen in 1953 als boek, onder de titel 'Louis Trichardt se laaste skof'.

Dr Willem Punt's tweede leven begon op 8 april 1959, toen de Stigting Simon van der Stel, zijn geesteskind, in het kasteel te Kaapstad tot leven werd gewekt. Hijzelf werd de eerste directeur. Hij was al eerder de stichter van het Genootschap Oud-Pretoria, het Trichardt Genootschap, hij werd lid van de Monumentenraad, de Raad van Heraldiek, bestuurslid van de Nederlandse Stichting Jan van Riebeeckhuis, die wij samen in het leven hebben geroepen, en de Zuidafrikaanse Stigting Jan van Riebeeck.

De Stigting Simon van der Stel is voor Zuid-Afrika de particuliere instelling, die zich ten doel stelt, de bewaring, de conservatie en het herstel van onroerende en roerende monumenten van cultuur en geschiedenis.

Haar eerste taak was om de burgerij voor deze gedachte wakker te maken en zich bewust te maken van eigen cultuur.

Dr. Punt was hierin de centrale figuur, de stuwende kracht.



*Ekspedisie van 1946 by Komatjiepoort van Lorenço Marques op pad terug. "Links van my maj Alfredo P de Lima, ons Portugese medereisiger."*



*Ekspedisie van 1938 by Matsambo, op die linkerwal van die Limpopo. Van links na regs: Mnr Shirley, mnr (later regter) F. Steyn, mnr Prinsloo, Mnr Willem Punt, mnr C Smit en prof F.E. Plummer*

Zijn eerste grote reis was naar Europa, voor eigen rekening. Het heeft ons altijd verwonderd, dat nooit een subsidiërende instelling op de gedachte is gekomen om Punt in de gelegenheid te stellen zich op dit gebied te oriënteren. Al spoedig ontmoetten wij hem in Holland. Uiteraard zou ik zeggen, omdat sinds de VOC in 1652 aan de Kaap een groentetuin en halfwegstatie stichtte, Holland de voedster en de bron was van alle, dus ook van alle culturele, activiteiten.

Sindsdien liepen de werkzaamheden van de Stigting Simon van der Stel parallel aan de strijdbare werkzaamheden van de organisaties in Nederland en België, waaronder vooral die van de Bond Heemschut en de Vereniging Hendrick de Keyser. De noeste vechter en taaie volharder, die Punt was, heeft zich veelvuldig gelaafd aan de sprinkelende bron van ervaring in Nederland in de zestiger jaren.

In eigen land werd hij de autoriteit op het gebied van de invloed van de VOC en haar kopstukken. Dat uitte zich onder meer in de bewaring van bouwwerken, zoals de Kaaps-Hollandse 'plaatsen' en de betere kennis van haar geschiedenis. In het Noorden ging zijn bijzondere belangstelling uit naar de Transvaalse bouw onder Nederlandse invloed. Waar wenselijk en mogelijk sprong hij op de bres om oorspronkelijke waarden grondig te bestuderen en dan met kracht van argumenten onder brede aandacht te brengen.

Zo was een van zijn eerste daden in de in dit opzicht zo moeilijke tijd, de restauratie van de schuur bij Kaapstad, bekend onder de naam Coornhoop. Dat was de plek waar de eerste vrijburgers onder Jan van Riebeeck gronden toegewezen hadden gekregen en dit huis bouwden.

Zowel Jan van Riebeeck als Willem Adriaen van der Stel werden van bepaalde zijde wel eens in een kwaad daglicht gesteld. Wie dat zei, vond zeker Willem Punt tegenover zich.

Samen met hem hebben wij de aanzet kunnen geven tot een galerij van portretten van Hollandse commandeurs en gouverneurs in Kaapstad. Dat betrof opsporen en fondsen verwerven. Hetzelfde geschiedde met een grote serie tegels van veldslagen uit de Anglo-Boerenoorlog, die omstreeks 1900 de Transvalia-bioskoop in Rotterdam sierden en achter het behang vandaan kwamen. Zij zijn nu ginds in veilige handen en vertolken een stuk bevrijdigingsgeschiedenis van het volk.

Een bedenkelijke, door een Nederlander in Duitsland uitgebrachte dissertatie, om de Kaaps-Hollandse huizen onder de Groot-duitsse invloedssfeer te brengen, werd op haar plaats gezet. De opgeblazen invloed die aan de vroege betekenis van de Hugenoten-immigranten werd toegeschreven, heeft hij ten aanzien van hun invloed op de cultuur, teruggebracht, zij het dat die nog telkens de kop op steekt.

Dr. Punt heeft veel en graag gereisd. Niet alleen naar Nederland om nieuwe kennis, geestdrift en strijdkracht op te laden, maar als wetenschapsman reisde hij naar de plekken waar de compagnieën haar invloed hadden laten gelden in Afrika aan de Goudkust, in Mozambique, op Mauritius, naar de Antillen, Curaçao, Aruba en Suriname, naar Brazilië.

Na zijn terugkeer schreef hij zijn bekend geworden artikel ' 'n Vergete Wereldrijk'. Hij kritiseerde daarin die neiging om Italiaanse, Spaanse, Griekse en Amerikaanse bouwstijlen te imiteren. Hij bevorderde de Kaapse gevelbouw, als deel van de culturele erfenis van zijn volk, die hij een wezenlijk bestanddeel van

diens beschaving noemde. Als hij daarbij niet altijd even tactvol uitviel en tegenstand opwekte, mag dat geweten worden aan zijn gedrevenheid.

In 1966 bij de door mij georganiseerde cursus Heemschut en Monumentenzorg, die een maand duurde, bracht hij acht landgenoten mee, om tezamen met tien Vlamingen, van deze voordrachten en excursies te profiteren.

Hij wekte met succes op, tezamen met enige stridgenoten, om gelden bijeen te brengen om de restauratie van Jan van Riebeeck's geboortehuis te verzorgen. Die restauratie is geslaagd, evenals een inrichting, echter de Culemborgers zagen geen kans de status van museum te handhaven.

Met kracht heeft hij aangedrongen op verbeterde wetgeving en restauratiemethoden op het gebied van de bewaring, die wij Monumentenzorg noemen.

Hij heeft vele poorten geopend bij culturele instellingen en universiteiten om het mij op mijn verschillende reizen door Zuid-Afrika onder het Cultureel Akkoord mogelijk te maken en betere bescherming van monumenten te bepleiten. Hij was de stuwende kracht waardoor Paul Kruger's plaats Boekenhoutfontein in Noord-Transvaal kon worden verworven, gerestaureerd en ingericht.

Door zijn streven op taalgebied, om te waken tegen verdringing van Nederlandse woorden door vreemde invloed, betoonde hij zich een volledige heemschutter. In het Bulletin, dat hij tezamen met dr. Jan Ploeger redigeerde, heeft hij van 1958—1974 heemschut in zijn land tot een begrip weten te maken.

Op zijn 75e verjaardag mocht ik hem in Pretoria de penning van verdienste, die mijn naam draagt, namens de Bond Heemschut, overhandigen.

In 1974 trad hij af als directuer van de Stigting Simon van der Stel, maar hij bleef zelf actief o.m. in de bescherming tegen de aantasting van het Kerkplein te Pretoria.

Hoeveel onbegrip en laksheid dr Punt moge hebben ontmoet, het heeft hem evenmin aan begrip en waardeirng ontbroken. De Nederlands Zuidafrikaanse Vereniging eerde hem in 1977 voor zijn verdiensten op het terrein der Nederlands-Zuidafrikaanse betrekkingen met de toekenning van haar Jan van Riebeeck-penning.

In zijn laatste levensjaar zag hij zich van Staatswege erkend met een hoge Zuidafrikaanse burgerlijke onderscheiding. Eerder werd een straat achter zijn huis naar hem vernoemd. Een museum kreeg zijn naam. Die Punt-museum is een in 1898 in Sunnyside gebouwde villa Mea Vota, die tot monument is geproclameerd en die als museum het leven en wonen in Pretoria zal weerspiegelen.

Door veelvuldig optrekken met hem door Nederland, België en zijn eigen land, weet ik, hoezeer hij gekend, geacht en geëerd werd, hoewel in zijn eigen land door sommigen ook gevreesd vanwege zijn ongezouten kritiek. Hij werd allerwege geraadpleegd en was de historische en volksundige vraagbaak van burger en autoriteit.

Ik besef, dat in dit overzicht niet al zijn activiteiten, zijn verdiensten en beïnvloeding zijn opgesomd. Dat zou meer ruimte vergen en ook anecdotische gegevens moeten bevatten, want hij had een sterk ontwikkeld gevoel voor humor. Zo had hij de neiging zijn slappe tegenstanders tot papbroeken te verklaren of remschoenen. Als hij weer een taalverbastering constateerde, kon hij uitroepen: Don't you worry, dat zal veranderen. Als ik hem dan opmerkzaam maakte, dat ik 'don't you worry' geen zuiver Afrikaans vond kon hij in lachen uitbarsten en toegeven: jij is reg, man!

Van Nederlands standpunt zou ik nog willen opmerken, dat bij het ontbreken van een Nederlandse instelling, zoals Engeland die heeft in The British Council, Frankrijk in het Maison Descarte en Duitsland in het Goethe Instituut, wij als Nederlanders in de persoon van dr. Willem Punt een steunpunt hadden, die in zijn eentje de Nederlandse kultuur met kracht en overtuiging uitdroeg.

Wij zijn hem in dit opzicht zeker grote dank verschuldigd. Hij laat een lege plaats achter, die niet gemakkelijk evenwaardig door een jong kracht zal worden opgevuld.

Het is een belevenis van betekenis om zo'n markante figuur onder je vrienden te hebben mogen rekenen.

*Ton Koot (oorgeneem uit Zuid-Afrika, Junie 1981)*

## DR PUNT DIE ONDERWYSMAN

Dr Punt gee tydelik onderwys op Randjiesfontein en Wonderboom-Suid, gevolg deur sy eerste permanente aanstelling op Brakpan. Nie lank daarna nie bevind hy hom weer in Pretoria en wel op die personeel van die Robertshoogteskool (tans Genl. Andries Brinkskool). Daarna is hy na die "Railway School" (tans Suidskool) as onderhoof. In 1935 word hy hoof van die Voortrekkerskool, maar hierdie skool word in 1946 gesluit en hy word aangestel as hoof van die Danvilleskool. Dr Punt het gedurende sy loopbaan hoofsaaklik aan mindergegoede leerlinge onderwys gegee.

Mnr. C.F. Hendriksz noem 'n paar faktore vir dr. Punt se sukses met hierdie kinders. Hy het aangedring op harde werk en gereelde toetse en eksamens. Verder het hy die deelname aan buitemuurse aktiwiteite sover moontlik aangemoedig. Hy word dan ook in 1937 asook in 1938 voorsitter van die Pretoria Laerskool Atletiekvereniging. Dissipline was vir hom besonder belangrik en dit het gekulmineer in 'n kadetafdeling aan sy skool. Weereens is dr Punt hier vir sy leerlinge 'n navolgingswaardige voorbeeld deurdat hy in 1953 'n spesiale medalje van die verdedigingsmag ontvang vir 25 jaar troue diens as kadetoffisier.

Hy maak sy leerlinge trots op hul skool deur hom te beywer vir 'n pragtige skoolterrein met net inheemse blomme en plante. Hy kweek by sy leerlinge 'n liefde vir hulle eie en waarding vir die mooie daarvan. Hy neem ook die leiding tydens Pretoria se Eufeese in die Skooltuinkompetisie vir die laerskole van Pretoria. Om sy leerlinge die geleentheid te bied om ook ons land te sien, stig hy 'n Van Riebeeckreisfonds. Verder was hy ook 'n stigterslid van die kring van Afrikaanse Skool hoofde en lid van die T.O.

Ten slotte kan ek meld dat al sy arbeid nie ongemerk verbygegaan het nie. Waar sal 'n beter waarding vir sy werk gevind word as juis die blote feit dat die ouers en die inwoners van Danville op een stadium aanbeveel het dat die Danvilleskool se naam verander word en dat dit na dr. Punt vernoem moes word, maar dr. Punt het die plan teengestaan.

*A.C. de Villiers.*





## DR WILLEM PUNT EN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

Wat hier volg is byna uitsluitlik uit die notuleboek van die Genootskap Oud-Pretoria saamgestel, hier en daar aangevul uit eie herinnering. Dr. Punt kan die vader en stigter en, vir die eerste tien jaar altans, die siel van die Genootskap genoem word. Die meeste van die projekte wat hier taamlik willekeurig beskryf word, is deur hom begin. Sommige het geslaag, ander nie. Altyd was sy vindingrykheid en geesdrif daaragter.

### A. Ontstaan

Die stigtingsvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria vind plaas op 22 Maart 1948 in die huis van dr en mev. W. Punt, St. Patricksweg, Muckleneuk, Pretoria. Die lys van teenwoordiges lees soos volg: mnr W. Punt (hy het toe nog nie sy doktorsgraad gehad nie), mnr M. van Niekerk (destyds verbonde aan die Staatsargief), dr G. Ueckerman (Lovedaystraat 255), mev Estelle Lane (Walkerstraat 289), dr V. FitzSimons (direkteur van die Transvaalse Museum), dr J. Ploeger (Jorissenstraat 289), dr Coenraad Beyers (direkteur van die Staatsargief), prof A.N. Pelzer (Universiteit van Pretoria), mnr P.J.H. Basson (Pretoriase Besoekersburo), mej. Cobie Court (suster van dr Punt), mnr Albert Kuit (spoorweg-kommissaris en amateur historikus) en mnr H.P.H. Behrens (van die afdeling van die Stadsklerk). Afwesig met verskoning was: dr P.J. du Toit (bekende geleerde van Onderstepoort), prof. S.P. Engelbrecht (bekende kerkhistorikus van die Universiteit van Pretoria), mnr, later dr, J.M. Mouton (staatsargief), mnr en mev. W. Cooper, ds Smal (Proklamasiehuwel), mnr S.L. van Wyk (Filmburo), en dr F.C.L. Bosman (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns).

Almal was bekende inwoners van Pretoria. Hoeveel van hulle tans nog in lewe is, het ek nie probeer vasstel nie. Die meeste is nie meer by ons nie.

Mnr Punt het die doel van die byeenkoms verduidelik, nl. "om die wenslikheid van die stigting van 'n vereniging, genootskap, komitee of ander liggaam te bespreek wat die voortou sou neem met die navorsing aangaande die geskiedenis van Pretoria". Dit het hom opgeval, het hy gesê, dat daar nie so 'n liggaam in Pretoria bestaan nie, terwyl dit die geval in ander stede is. Of daar veel bespreking was, meld die notule nie. Almal was eenstemmig. Daar is besluit "om 'n liggaam te stig waarvan die hoofdoel navorsing in verband met die geskiedenis van die hoofstad sal wees". Daarop is mnre Punt en Behrens tot waarnemende voorsitter en sekretaris gekies.

As naam vir die nuwe liggaam is die volgende voorgestel: Uniehoofstad Historiese Genootskap, Pretoria Historical Society, Vereniging Ou-Pretoria, Pretoria Historical Research Committee, Historiese Vereniging Pretoria, Pretoria Society of Historical Research. Daar is daardie aand nie op 'n naam besluit nie. Op voorstel van mnr Kuit is 'n voorlopige bestuur gekies bestaande uit die reeds genoemde voorsitter en sekretaris, prof Pelzer en dr Beyers.

Hierdie voorlopige bestuur het op 25 Maart 1948 'n ontwerp grondwet saamgestel wat op die eerstvolgende ledevergadering, gehou op 7 April 1948 in die Pretoriase Besoekersburo op Kerkplein, formeel goedgekeur is. Verder lees ons in die notule van hierdie byeenkoms: "Die vergadering het besluit dat die naam van die vereniging die Genootskap Oud-Pretoria sal wees / The meeting

decided that the name of the society should be the Association Old Pretoria." Teenwoordig en met verskoning vir afwesigheid vind ons omtrent dieselfde name wat by die eerste vergadering hierbo genoem is. Volgens 'n formele besluit is hulle as stigterslede aangemerkt.

Hierna is die eerste bestuur van die Genootskap gekies: mnr W. Punt voorsitter, mnr A. Kuit ondervoorsitter, mnr H.P.H. Behrens sekretaris, mnr P.J.H. Basson, penningmeester, mnr J.M. Mouton argivaris en lede: prof Pelzer, mev Punt, dr Ueckerman en dr FitzSimons. Daar is besluit om die stadsraad in kennis te stel van die stigting van die genootskap en 'n kopie van die grondwet te stuur. So het dit begin.

## B. Bestuur

Op 'n bestuursvergadering van 28 Oktober 1948 verskyn my naam vir die eerste keer op die notule toe mnr G.J. van Eck, dr J.H. Breytenbach en ek as nuwe lede van die genootskap gekies is. Iemand moes my naam genoem het as moontlike sekretaris, waarskynlik prof Pelzer. Hy het my altans genader en ek het my laat ompraat. By bogenoemde vergadering is mnr G.J. van Eck, dr J.H. Breytenbach en ek as lede gekies en tydens die eerste jaarvergadering, 19 November 1948, waarop slegs agt lede teenwoordig was, is ek as sekretaris gekies. Dit het gebeur in die Filmsaal, Impalagebou. Daar by die ingang van die gebou het ek dr Punt vir die eerste keer ontmoet. Ek het my enigszins 'n indringer gevoel onder 'n groep mense wat mekaar goed ken het. Ek was nog maar net twee jaar in Pretoria woonagtig en het dit ligweg ironies gevind dat ek, 'n vreemdeling in die stad, sekretaris moes word van die Pretoriase historiese vereniging. Nietemin, ek het die benoeming aanvaar en het sedert dien eintlik nooit weer los gekom van die Genootskap nie.

Die bestuurslede van die eerste tien jaar is, glo ek, vir die grootste gedeelte deur dr Punt self gerekruteer. Sommige van hulle het Pretoria nog uit die vorige eeu geken. Ander het weens hulle betrokkenheid by die geskiedenis by die Genootskap tereg gekom; ander bloot uit belangstelling vir ou Pretoria.

In November 1949 is mej. J.H. Davies, van die Staatsargief, as hulpsekretaresse gekies. Met haar opgewekte geaardheid het sy luister aan die vergaderings verleen. Sy is later na Kaapstad verplaas waar sy ten slotte hoofargivaris geword het. Ook dr Mouton is in hierdie tyd verplaas en wel na Bloemfontein, waar hy later 'n vereniging op die patroon van die Genootskap Oud-Pretoria probeer stig het.

Teen die einde van 1950 het mnr J.P. (Oom Hansie) Kleinhans bygekom, 'n kleurryke figuur wat interessant van die Pretoria van sy kinderjare kon vertel; sy vader was lid van Oom Paul se volksraad. Ook dr W.J. de Kock, dosent in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, ook 'n indringer soos ek, het sy plek op die bestuur gekry. Hy het besondere begrip vir die plaaslike geskiedenis aan die dag gelê; hy was veral doenig tydens die eeufees van Pretoria. Dan het mnr J.C. Vlok (Oom Vlokkie) ook 'n paar jaar op die bestuur gedien. Hy was 'n joernalis van *Die Volkstem* en kon interessant vertel van Eugène Marais en van Leipoldt se verblyf in Pretoria. Mnr J.P. Jooste (Oom Piet) was ook een van die ou garde, na ek meen op een stadium privaat sekretaris van genl Louis Botha. Ons het 'n paar keer in sy huis in Bourkestraat vergader, 'n huis wat nog die atmosfeer van gister bewaar het.

In 1951 het mev. H. Grenlees mev Lane op die bestuur vervang. Sy was, as ek goed onthou, 'n dogter van E. Meintjes, een van die ou inwoners van die stad. Sy en haar suster, mev De Zwaan, het baie uit die ou dae kon vertel. Sedert 1952 verskyn dr T.S. van Rooyen, ook van die Geskiedenis-departement van die Universiteit van Pretoria, op die bestuur. Hy het vir etlike jare 'n belangrike rol in die Genootskap gespeel, ook as redakteur van *Pretoriana* en later as voorsitter.

Mnr (later dr) Herman Rex se naam verskyn in 1953 vir die eerste keer op die bestuur. As kenner van die geskiedenis van Pretoria soos weinig ander, was sy aandeel groot, hoewel afwisselend soos hy by tye bedank het en dan weer toegetree het. Kaptein (tans generaal) H. de V. du Toit het, hoewel nie vir lank nie, ook op die bestuur gedien. Nog twee persone wat in 1953 op die bestuur kom, is mnr H.A. de Loor, bekende sakeman, wat prof Pelzer as ondervoorsitter opgevolg het, en mnr (later dr) R. Peacock, wat op daardie stadium besig was met sy proefskrif oor die geskiedenis van Pretoria en reeds 'n gesaghebbende op die gebied was. Nog 'n belangrike toevoeging in hierdie jaar was dr G. Rissik van die Reserwebank, wat, ondanks sy veelvuldige pligte, vir etlike jare as penningmeester gedien het.

'n Belangrike figuur wat in 1954 op die bestuur verkies is, was dr G.W. Eybers, bekende skrywer en opvoedkundige, wat later die voorsitterstoel van dr Punt oorgeneem het. As argivaris van die Genootskap is mnr J.F. Preller in 1955 gekies; hy het later hoofargivaris geword. In 1956 kom mnr C.L. de Bruyn, nog 'n bekende sakeman, op die bestuur. Soos op elke terrein van sy wydvertakte bedrywighede, het hy ook hier met sy groot invloed veel vir die Genootskap beteken. Hierdie jaar is ook mnr J.S. Meyer, van die Pretoriase Onderwyskollege, op die bestuur gekies. In 1958 neem mnr (later dr) A.M. Davey oor as argivaris (hy is tans professor aan die Universiteit van Kaapstad) en as sakebestuurder mnr J.M.H. van Aardt, wat toe onderwyser aan die Afrikaanse Hoër Seunskool was. Hy het die Genootskap later as sekretaris gedien.

In die loop van 1959 het dr Punt uitgetree as bestuurslid en voorsitter aangesien hy as direkteur van die nuutgestigte Stigting Simon van der Stel sy hande vol gehad het. Tog het hy nooit sy belangstelling vir die Genootskap Oud-Pretoria verloor nie en dikwels by openbare vergaderings daarvan as spreker opgetree.

### C. Sake uit die notule

Die notules van die bestuurs- en van die jaarvergaderings, asook die jaarverslae, weerspieël die werksaamhede van die Genootskap. Maar 'n notule gee nooit 'n volledige beeld nie. Baie sake wat aangeroe word, verdwyn later eenvoudig sonder 'n aanduiding van wat daarvan geword het. 'n Notule is ook onpersoonlik. Weinig van die gees en geesdrif word daarin teruggevind. Tog bly dit 'n verslag van wat plaasgevind het.

Die bestuur het onder leiding van dr Punt tentatief met sy taak begin. Spoedig het daar 'n hele aantal sake opgeduik wat aandag geveerg het. Daar was egter gebrek aan geld. Die stadsraad het welwillend 'n jaarliks subsidie toegestaan en soms 'n ekstra bydrae vir 'n besondere geval geskenk, maar daar was nooit genoeg nie. Die verteenwoordiging van die stadsraad op die bestuur was steeds baie welkom. Met die burgemeester ere-president van die Genootskap, elkeen vir



*Huwelik Willem Henry Jacobus Punt en Phyllis Emily Barry  
13. Desember 1932*

die duur van sy burgersmeesterskap, het daar dikwels 'n lid van die stadsraad op ons vergaderings verskyn en dikwels waardevolle wenke gegee. Tog was daar om begryplike redes altyd iets wisselvalligs in hierdie bywoning. 'n Stadsraadslid, om nie te praat van 'n burgemeester nie, het nou eenmaal soveel ander sake wat sy aandag benodig.

Wat die algemene publiek betref was daar altyd 'n stryd teen gebrek aan belangstelling. Maar dr Punt het nooit moed verloor nie. Steeds het hy invloedryke inwoners van Pretoria nader gehaal. Daar was etlike van hulle van groot hulp met sekere projekte, sonder dat hulle op die bestuur gedien het, soos byvoorbeeld die kunstenaars Pierneef, Battiss, mev Oerder, Konya en ander, die argitekte Norman Eaton en prof. A.L. Meiring en dan veral ou inwoners wat nog iets oor die verlede kon vertel.

Belangrike gebeurtenisse waaraan die Genootskap deel gehad het was die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949, die driehonderdjarige herdenking van die volksplanting aan die Kaap in 1952, die eeufees van Pretoria in 1955 en die verskuiwing van die Krugerstandbeeld van Stasieplein na Kerkplein.

Net die eerste tien tot elf jaar van dr Punt se voorsitterskap word hier behandel. Die Genootskap het geen tuiste gehad nie, soos vandag nog die geval is. Bestuursvergaderings is gehou onder andere in die besoekersburo, Kerkplein, die kantoor van die burgemeester in die stadshuis, in die kantoor van dr FitzSimons in die Transvaalse Museum en in die kantoor van dr Rissik in die Reserwebank. Openbare vergaderings is meestal in die Macfadyansaal in die destyds gebou van die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria gehou; ook enkele kere in 'n kerksaal.

#### D. Skilderye

Op die eerste vergadering, 7 April 1948, het dr Punt verwys na twee skilderye wat Baines indertyd van Pretoria geskilder het, waarvan die heenkome van een nie bekend was nie. Mev. Punt is gevra om dit te probeer opspoor. Sy het daarin geslaag en die skildery het sy plek in die versameling van die stadraad gekry. Volgens een bewering was hierdie of 'n ander skildery in die besit van genl Smuts, wat belowe het om dit aan die stadsraad te skenk.

Op die jaarvergadering van 29 November 1949 wens die voorsitter, dr Punt, die stadsraad geluk met die aankoop van Pierneef se reeks grafiese werke van ou Pretoria.

Op 'n bestuursvergadering van 1 September 1950 maak mnr J.C. Vlok melding van twee muurskilderye in die huis van die eertydse kommissaris van myn-wese, Christiaan Joubert, wat deur Oerder geskilder is. Een daarvan was die wapen van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die ander die wapen van Nederland. Die huis – dit het in die destyds Mainstraat, Muckleneuk, tans Normalstraat, gestaan – was reeds in 'n vervalde toestand. Dr Punt het hierna onvermoed probeer om die skilderye op een of ander manier te red. Ten slotte is 'n film daarvan geneem, wat, meen ek, in die argief van die Genootskap bewaar word.

Op 20 Oktober 1950 maak die voorsitter melding van 'n plan wat hy toe reeds met Pierneef bespreek het, nl. dat hy, Pierneef, en Battiss en mev. Battiss en Konya versoek word om ou geboue in Pretoria op 'n stelselmatige basis te skilder en so 'n versameling byeen te bring. Wat van hierdie mooi plan geword het kon nie vasgestel word nie.

## E. Straat- en plekname

Een van die eerste projekte wat die Genootskap Oud-Pretoria aangepak het, was om die geskiedenis van Pretoria se straatname na te vors. Van die stadsraad is 'n lys van straatname verkry. Die verskillende voorstede en stadswyke is aan sekere lede uitgedeel en op die manier is die herkoms van baie name opgespoor en mettertyd in *Pretoriana* gepubliseer.

Dit het daartoe gelei dat die stadsraad later die Genootskap se hulp ingeroep het met nuwe benaminge. Die beleid van die Genootskap, soos deur dr Punt geformuleer, was dat die oudste naam gehandhaaf moet word en dat slegs by duplikasie na nuwe name gesoek moet word. Hierdie beleid is mettertyd deur die stadsraad aanvaar en sedert dié tyd is die Genootskap nog steeds op die pleknamekomitee van die stadsraad verteenwoordig.

Een van die name, vir 'n voorstad, van dr Punt, wat aanvaar is, is Waltloo, genoem na Van der Walt en Prinsloo, twee oorspronklike plaaseienaars van die gebied waar Pretoria verrys het. Name vir die strate van die gebied is ook deur die Genootskap voorgestel, sommige waarvan aanvaar is. 'n Nuwe voorstad sou eers Klapperkop heet, maar op voorstel van dr Punt is die ou plaasnaam Groenkloof daarvoor aanvaar. Op 'n later stadium het die voorstad Lukasrand ontstaan, ook 'n naam wat, na ek meen, by dr Punt sy oorsprong gehad het. Dit is genoem na Lukas Bronkhorst, eerste bewoner van die gebied van die Fonteine en omliggende streke. Dit is maar enkele voorbeelde uit baie ander.

Toe die 300-jarige bestaansjaar van die volksplanting aan die Kaap aangebreek het, het dr Punt daarop aangedring dat hierdie gebeurtenis deur naamgewing herdenk moes word. So ontstaan op sy voorstel Maria van Riebeecklaan en die Van Riebeeck-natuurreservaat.

## F. Pretoriana

Die vader van *Pretoriana* is dr Jan Ploeger. Op 11 April 1951 het hy op 'n bestuursvergadering die uitgee van 'n "kwartaalblad" bepleit. Hy het toe al reeds met 'n uitgewer onderhandel en kon min of meer die koste daaraan verbonde aan die vergadering oordra. Die plan is algemeen toegejuig en dr Ploeger is gevra om 'n memorandum op te stel. Hierdie memorandum het op die volgende vergadering gedien en is aanvaar. Die eerste redaksie is benoem bestaande uit dr Ploeger, mej Davies, mnr Vlok en die sekretaris. Toe daar 'n naam gesoek is, is die voorstel van mnr P.J.H. Basson, *Pretoriana*, aangeneem. So het dit begin.

Die eerste uitgawe is vertraag deur 'n brand in die drukkerij (Trio), maar in September 1951 verskyn dit. Die voorblad is versier deur die bekende tekening van Pierneef van die ou kerkie op Kerkplein; 'n toesegging wat dr Punt goedgunstiglik van die kunstenaar verkry het. Die firma De Bruyn se Skoenwinkel het vir die eerste jaargang borg gestaan. Van die burgemeester raadslid J.H. Visse verskyn daar 'n voorwoord: "Ons weet dat Pretoria se geskiedenis so te sê oorlaai is met feite wat nie net interessant is nie maar ook uiters belangrik . . . 'Pretoriana' sal myns insiens hierdie verlede – so anders as die hede – laat herleef." Ook van dr Punt verskyn daar 'n kort voorwoord: "Ons vertrou dat 'Pretoriana' mettertyd 'n bron van waardevolle en interessante gegewens in verband met die ontstaan en wording van die administratiewe Hoofstad van die Unie sal wees." 'n Vertroue wat in baie opsigte seker bewaarheid is.

Dr Ploeger was tot 28 Julie 1952 redakteur toe hy deur dr T.S. van Rooyen opgevolg is. Dat *Pretoriana* na 32 jaar nog steeds verskyn is ongetwyfeld 'n prestasie vir 'n blad van die aard.

## G. Ou geboue

Heel in die begin het dr Punt die Genootskap se aandag gevestig op die murasie van J.G. Bronkhorst se huis in die Fonteinedal. Bronkhorst was die eerste blanke bewoner van die omgewing waar Pretoria later ontstaan het. Na vertoë tot die stadsraad is die oorblyfsels van die huis oordek en afgekamp en van 'n nodige naambord voorsien.

Op 16 Maart 1949 is die lot van die oudste toe nog bestaande huis in Pretoria bespreek. Weer was dit dr Punt wat die aandag daarop gevestig het. Dit was Fountain Lodge, ook bekend as die Bras Pereira-huis. Hierdie aangeleentheid word hieronder apart behandel.

Toe die NZASM-geboue in Paul Krugerstraat met slooping bedreig is, is voorgestel dat hulle bewaar en as museums gebruik word. Dit gaan hier om die kantoorgeboue van die eertydse maatskappy en die woning van die direkteur daarvan. Ook dit was tevergeefs. 'n Brief aan die Historiese Monumente-kommissie het ook geen resultaat gehad nie. Tog is enkele oorblyfsels van die ou geboue in die nuwe ingebou.

Die Genootskap het in 1950 beswaar gemaak teen die beplande verwydering van drie eiekbome langs Visagiestraat. Op 'n bestuursvergadering het mnr F. le Roux, verteenwoordiger van die stadsraad, verduidelik dat "deskundige ondersoek . . . aan die lig gebring het dat hulle werklik 'n gevaar is", maar hy het belowe dat die stadsraad die saak sal heroorweeg. Die bome staan vandag nog daar.

Op 'n bestuursvergadering is besluit om die stadsraad te vra om alle ou geboue wat gesloop sou word, onder die aandag van die Genootskap Oud-Pretoria te bring. Die stadsraad het dit onderneem, maar moontlik as gevolg van amptelike probleme het daar weinig van tereg gekom.

In dié tyd was daar nog maar weinig ou geboue in Pretoria tot historiese monumente verklaar. Een daarvan was die ou Raadsaal en daar is selfs 'n Ou Raadsaal-bewaringskomitee gestig waarop dr Punt die Genootskap Oud-Pretoria verteenwoordig het. Op 'n bestuursvergadering vertel mnr Behrens dat die stadsraad van plan was om van die gebou 'n werklike historiese monument te maak en die administrasie daaruit te verwyder. Hy vertel ook dat die provinsie die aangrensende terrein, die garage van Alderson en Flitton, opgekoop het om daar 'n nuwe en hoë administratiewe gebou op te rig, en wat meer is dat daar 'n plan bestaan om die nuwe gebou by wyse van 'n tunnel met die ou Raadsaal te verbind. Hierteen het dadelik protes ontstaan. Ook teen die nuwe beplande gebou wat veel hoër as die ou Raadsaal sal uitstaan en afbreuk aan die estetiese voorkoms daarvan sou doen. Dit ontwikkel tot 'n lang stryd van die kant van die Genootskap en ook ander liggame teen die beplande gebou. Dit het egter niks gehelp nie. Die gebou het mettertyd verrys en oorskadu tans die ou republikeinse hoofgebou. Hierna het die Genootskap vertoë tot die Historiese Monumentekommissie gerig en die gebou is eindelijk tot historiese monument verklaar. Ongeveer dieselfde het heelwat later met die Paleis van Justisie gebeur. Ook hier was 'n plan om



'n nuwe gebou oorkant Parlementstraat op te rig en dit by wyse van 'n brug met die ou gebou te verbind. Hier het die proteste gelukkig geslaag. Die gebou is nie opgerig nie en van die brug, net soos van die tunnel in die vorige geval, het niks gekom nie.

Meer onmiddellike sukses het die Genootskap gehad in sy vertoë tot die Provinsiale Administrasie om op die voorgewel van die ou Raadsaal weer die republikeinse wapen aan te bring soos dit oorspronklik was. Dit is namelik na die Anglo-Boere-oorlog deur die Engelse wapen vervang. Ek herinner my nog 'n afvaardiging van die Genootskap, gelei deur dr Punt, na dr Nicol, die administrateur, en dr Wassenaar, lid van die Uitvoerende Komitee. Ons versoek is onmiddellik toegestaan en mettertyd is die werk uitgevoer.

Op Kerkplein is na verloop van tyd albei bogenoemde ou geboue en ook die ou Muntgebou tot historiese monumente verklaar.

## H. Wapen

Reeds baie vroeg is daar 'n behoefte gevoel aan 'n eie wapen en briefhoofde vir die Genootskap Oud-Pretoria. Op 26 Oktober 1950 deel dr Punt die bestuur mee dat hy 'n wapen saamgestel het "uit 'n gedeelte van die wapen van Pretoria en 'n gedeelte van die van die Zuid-Afrikaansche Republiek". Hy lê 'n skets daarvan voor wat op sy aanwysings deur Walter Battiss geteken is. Beswaar was dat daar te veel vlae op die ontwerp voorkom, en die saak is na 'n kommissie verwys, bestaande uit die voorsitter, die sekretaris, met koöpsie van dr Beyers en mnr Gerard, albei kenners van die heraldiek.

Twee spreuke is voorgestel: *Praesens in Praeterito* (die hede in die verlede) en *Praetentum Conservatum Est* (die verlede moet beskerm word). Soos bekend is eersgenoemde aanvaar. Die voorgestelde wapen is deur die volgende jaarvergadering (21–11–1950) in beginsel goedgekeur en terug verwys na die bestuur vir verdere oorweging.

Blykbaar het die eerste ontwerp skipbreuk gely. In 1952 kom dr Punt weer met 'n ontwerp voor die dag wat soos volg beskryf is: "Die ou kerk soos deur Pierneef geteken as kernstuk, met die wapen van Ouddorp en die VOC daarby opgeneem, alles gesteun deur 'n koedoe en 'n eland". By die volgende jaarvergadering is tekeninge daarvan deur die kunstenaars Van Beyma en Naudé ter tafel gelê. Weer is die aangeleentheid na die bestuur verwys.

Daar gaan hierna 'n jaar of wat verby voor die saak weer tersprake kom, maar dr Punt het in hierdie tyd nie stil gesit nie. In die notule van 'n bestuursvergadering van 10 Mei 1954 lees ons: "Die voorsitter lê 'n ontwerp, deur hom saamgestel, ter tafel. Daarop kom die volgende vier vakke voor: (1) 'n rustende eland wat op Elandspoort betrekking het, waar die Voortrekkers kom rus het; (2) die ou wapen van Ouddorp, waar die Pretoriusse oorspronklik vandaan kom; (3) die oudste kerkie op Kerkplein; (4) twee veerpenne met die monogram VOC daartussen, as aanduiding dat ons die geskiedenis opteken vanaf die koms van die eerste Pretorius aan die Kaap toe nog onder die bewind van die VOC." Daar is besluit om die ontwerp aan Pierneef voor te lê en dr Rissik het onderneem om dit aan 'n mnr Gooden, 'n heraldiekenner in Engeland, te stuur terwyl dr Fitz-Simons dit aan mnr Gerard sou voorlê vir kommentaar.

So het die wapen van die Genootskap uiteindelik sy beslag gekry. Dit verskyn

vandag nog op die buiteblad van *Pretoriana* – asook op die briefhoofde. Vir die ontwerp van laasgenoemde was veral dr Rissik verantwoordelik wat die hulp in groep het van 'n firma wat ook werk vir die Reserwebank gedoen het.

## I Die Holford-plan en Kerkplein

Omstreeks 1949–1950 het die stadsraad prof Holford van Engeland genader om 'n plan vir die toekomstige ontwikkeling van Pretoria te ontwerp. So ontstaan die Holford-plan, wat, benewens 'n ringpad, ook verandering aan Kerkplein voorgestel het. Teen laasgenoemde het dr Punt in verset gekom. Volgens hom sou die voorstelle insake Kerkplein “die eenheid van die Plein verbreek en ook die verplasing van die Krugerstandbeeld in gedrang bring.” Volgens hom moet die Krugerbeeld in die middel van die Plein staan “met sy gesig na die ooste gekeer.”

Die aangeleentheid is hierna op 'n buitengewone bestuursvergadering, 25-11-1950, bespreek. Interessant is die volgende: “Mnr (Piet) Jooste deel mee dat hy indertyd (wanneer) lid van die komitee vir die standbeeld van Kruger was. ADW Wolmarans het toe 'n plek daarvoor by die westelike ingang aangewys. Daar is toe egter besluit dat die Plein nie vir standbeelde gebruik sal word nie.” Prof. Plezer het gepleit vir die behoud van die kern van die Plein. Hy was van mening dat die Genootskap hom nie mag uitlaat oor die Holford-plan nie, maar wel oor die eventuele verplasing van die Krugerstandbeeld van Stasieplein na Kerkplein. Die bestuur het daarop 'n subkomitee benoem om die saak te ondersoek.

Afskrifte van die Holford-plan is van die stadsraad verkry en mnr Cooper, stadsbepanner, het 'n openbare lesing daarvoor gehou. Met behulp van kaarte het hy die Holford-plan vir verandering van Kerkplein verduidelik. Maar verskeie persone uit die gehoor, o.a. dr Punt, het die planne afgekeur aangesien dit die historiese betekenis van die Plein geweld sou aandoen. Daar was toe ook sprake van 'n prysvraag wat die stadsraad vir verandering van Kerkplein sou uitskryf.

Hierna het 'n gesamentlike afvaardiging van die Genootskap Oud-Pretoria en die Krugergenootskap die burgemeester oor die saak gaan spreek. Die afvaardiging het versoek dat die prysvraagidee na die nuwe stadsraad verwys word, wat dan ook gebeur het, terwyl daar ook 'n versoek was dat die nuwe stadsraad die afvaardiging sal te woord staan. Hierdie ontmoeting vind op 3 Desember 1951 plaas. Die standpunt van dr Punt by die geleentheid is van belang: “Hy verduidelik dat die Genootskap Oud-Pretoria nie ten gunste is van die verandering van Kerkplein in die gees van die Holfordplan nie, veral omdat dit die geskiedenis van die Plein geweld aandoen. . . . Landmeter Du Toit het by die aanleg 'n oop stuk grond gekies vir die plein met slegs 'n geringe helling. Dit was nie 'n stuk grond wat kunsmatig opgebou is nie. . . . In 1910 het daar 'n plan ontstaan om die Plein in vier dele te verdeel deur die hoofstrate deur te trek. 'n Petisie van dr Engelenburg en argitek De Zwaan het dit voorkom. Daarna is egter die huidige uitgrawings gedoen, wat volgens spreker onnodig en jammer was. Hy pleit vir behoud van die Plein as 'n oop ruimte soos dit oorspronklik bedoel was. Die Holfordplan sal dit opbrokkel omdat dit kunsmatige terrasse en uitgrawings sal meebring. Hy pleit verder daarvoor dat die Afrikaanse karakter van die Plein herstel word, beide wat plantegroei en argitektuur betref, ook dat die vervoer daarvan weggelei word en dat die ontsierende pale verwyder word.”

Prof. Pelzer wat ook 'n afgevaardigde van die Krugergenootskap was, het veral die verskuiwing van die Krugerbeeld na die middel van die plein bepleit. Wat dit betref het die Genootskap Oud-Pretoria die Krugergenootskap heelhartig gesteun.

Of hierdie vertoë daartoe bygedra het, is moeilik om te sê; die Holford-plan is in elke geval nie uitgevoer nie en die Krugerstandbeeld is enkele jare later na Kerkplein verskuif.

## J. Die Bras Pereira-huis


Die huis het op die noordoostelike hoek van Paul Kruger- en Skinnerstraat gestaan. Dit was onopvallend, klein, 'n tipiese ou Boerehuis met 'n aangeboude oond aan die kombuis, die agterkant na Skinnerstraat gekeer, die voorkant na die erf waarop enkele bome en struikie gestaan het. Volgens dr Punt was dit die oudste huis wat toe (in 1953) nog in Pretoria gestaan het. Hy het vasgestel dat die perseel te koop was en dat die huis waarskynlik gesloop sou word. Op 'n bestuursvergadering van 13 Maart 1953 stel hy voor dat die Stadsraad genader word om hierdie huis met dieselfde materiaal op die terrein van Bronkhorst se eerste huis in die Fonteinedal te herbou. Die plan is algemeen goedgekeur.

Op die volgende vergadering het mev Greenlees meer besonderhede verstrekkend wat sy van die toenmalige eienaar, mnr Heydenrych, verneem het. Bras Pereira was 'n Portugese handelaar wat direk uit Portugal na Transvaal gekom het. Onderweg het hy 'n Skotse dame in Pietermaritzburg ontmoet met wie hy getrou het. Hulle het die huis omstreeks 1870 gebou. Bras Pereira het 'n winkel in Paul Krugerstraat (destyds Markstraat) gehad.

Hierna het dr Punt steun van verskeie invloedryke inwoners van Pretoria verkry, soos o.a. raadslid Besaans, prof A.L. Meiring, mnr Walter Battiss en dr Rissik. Volgens raadslid Besaans was die Stadsraad die idee goedgesind maar het terug geskrik vir die onkoste daaraan verbonde. Hy het onderneem om die medewerking van die meesterbouersvereniging te verkry. Prof Meiring het verduidelik dat die huis in die tipiese pionierstyl gebou was, 'n boustyl van Kaaps-Hollandse herkoms, wat in die binneland vereenvoudig is tot huise wat vandag nog in Graaff-Reinet te sien is en toe deur die Voortrekkers verder vereenvoudig is. Hy lewer 'n sterk pleidooi vir die bewaring van die huis.

Mnr Battiss, bekende skilder, was van mening dat die huis 'n siel het "en ons mag dit nie uit ons kulturele lewe laat verlore gaan nie." Dr Rissik het hierby aangesluit. "Hy meen dat die toekomstige burgers van Pretoria ons daarvoor sal dank as ons iets dergelyks ('n opelugmuseum) in Pretoria begin". Het die toe toekomstige en tans huidige burgers van Pretoria iets om oor dankbaar te voel?

Mnr Heydenrych vertel dat hy die huis reeds in sy kinderjare geken het. By die kinders was dit bekend as die spookhuis. Daar het toe 'n sekere "oom Pietie Pereira", waarskynlik 'n afstammeling van die oorspronklike eienaar, in die huis gewoon. Hy was 'n enigszins sonderlinge man wat 'n groot massa koerante en ander papiere in die dak van die huis gebêre het. Toe hulle enkele jare vantevore elektriese ligte in die huis aangelê het, is gevind dat die oorspronklike rietdak nog onder die sink was. "Die kappe is met houtpenne aan mekaar getimmer en is moontlik van geelhout, die riete met rou rieme aan die latte vasgemaak. Een kamer het nog sy oorspronklike grondvloer en lakenplafon gehad." Hy bied die



*Die ekspedisie by die bekende Masambodrif deur die Limpopo by Combumune.*



*Oor die Limpopo terug by Mapai in Mosambiek*

huis daarop kosteloos aan die Genootskap aan.

Oor laasgenoemde aanbod was dr Punt verheug. Volgens hom was die eerste ronde daarmee gewen. Dr G.W. Eybers sien hierin die begin van 'n opelugmuseum. Mnr H.P.H. Behrens was egter van mening dat die huis bewaar moet word waar hy staan. Ook vir hom het die huis 'n siel gehad. Wat sou hy en Battiss met 'n siel bedoel het? Waarskynlik hou dit verband met die vreugde en leed wat oor die jare in die huis afgespeel het, miskien met die ongeskrewe stuk sosiale geskiedenis waarin so 'n huis 'n aandeel het. Hoe ook al mnr Behrens was van mening dat die siel van 'n huis nie saam met die huis kan verhuis nie. Miskien het hy gelyk gehad.

Die voorsitter wys egter daarop dat die Genootskap nooit die geld sou kan bymekaar bring om so 'n perseel te koop nie. Daar is toe 'n komitee benoem om die saak verder te voer bestaande uit mnr Heydenrych, argitek Norman Eaton, mnr Besaans, prof Meiring en dr Punt.

Hierna het al die mooi idealisme geleidelik begin wegkrummel. Die Stadsraad het Du Preezhoek as 'n staanplek vir die huis aangebied. As die Genootskap die aanbod maar aanvaar het, sou die huis moontlik behoue gebly het. Verskeie lede van die Genootskap het egter daarop gewys dat die terrein te klein was vir 'n opelugmuseum waarvan die huis deel moes uitmaak. Daar was sprake van 'n terrein tussen die Fonteine- en Delmaspad, later ook van ander terreine, waaroor nooit besluit kon word nie. Dr Punt was in hierdie tyd oorsee waar hy die Arnhemse Opelugmuseum besoek het. Na sy terugkeer het hy 'n lesing daarop op 'n algemene vergadering op 26 Februarie 1954 gehou. Almal was geesdriftig en raadslid Seymore het gemeen dat 'n goed bewoorde voorstel die Stadsraad sou oortuig.

Hierna het sake oënskynlik gevorder. Ook die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is genader en 'n moontlike beheerraad vir die opelugmuseum is bespreek. Oor die opelugmuseum kan 'n aparte verhaal geskryf word. Intussen het die Bras Pereirahuis bly staan waar hy was.

Eers op 6 Oktober 1960 maak die notule weer gewag van die huis. Mnr Davey het die dokumente uit die huis gerangskik en in die Argief opgeneem. Die meubels van die huis sou na die Transvaalse Museum gegaan het. Maar intussen het daar brand in die huis uitbreek en omtrent alles van waarde is verwoes. Sommige van die dokumente het waterskade opgedoen.

Op 7 Desember 1960 het die volgende bestuurs- en ander lede die huis besigtig: mnre Eaton, Bodel (destyds sekretaris), Davey, Rex, Andrews, maj H. de V. du Toit en dr N.A. Coetzee. Uit die enigszins onduidelike verslag daaroor moet mens aflei dat die huis toe min of meer 'n ruïne was. Alles van waarde was verbrand; die meubels, insluitende 'n klavier, was so beskadig dat dit waardeloos was.

Rede vir die besoek was 'n berig dat voltooiing van die oordrag vir die verkoop van die perseel op 19 Desember sou plaasvind en dat die huis daarna spoedig gesloop sou word om plek te maak vir 'n parkeerterrein. Na dit voorkom was die Stadsraad die nuwe eienaar. Uit samesprekings het egter geblyk dat die sloping nie voor diep in Januarie 1961 sou plaasvind nie. Die Genootskap het gehoop om die huis met behulp van die Meesterbouersvereniging te sloop. Daar was so 'n belofte. Mnr Eaton het aangebied dat sy firma al die afmetings neem met die oog op heroprigting. Hy het bevind dat die bakstene vir die doel nog goed bruikbaar

was. Ten slotte kon die Meesterbouers ook nie help nie en daar is toe weer voort gegaan om oor 'n moontlike terrein vir 'n opelugmuseum te onderhandel.

Die saak het voortgesleep tot die volgende Junie toe 'n brief van die Stadsraad die spoedige sloping van die huis geëis het. Daar is vertoë tot die minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap gerig en later het die minister 'n deputasie ontvang. Daar is ook vertoë tot die Provinsiale Admistrasie gerig en briewe is aan al die Pretoriase volkraadslede geskryf. Selgs mnr De Wet Nel en dr J.C. Otto het daarop gereageer. Die Stadsraad het ten slotte R50 tot die sloping van die huis bygedra. Daarop is die huis gesloop en die materiaal op die perseel gepak "tot tyd en wyl die Opelugmuseum opgerig word."

Alles sloer hierna voort tot 1964 toe die Genootskap die ultimatum ontvang "dat die materiaal van die perseel verwyder moet word aangesien die nuwe natuurwetenskaplike museum daar gebou sal word." Dr T.S. Van Rooyen, wat toe ondervoorsitter was, het saam met mnr V. Wood van die Onderwysdepartement die materiaal gaan besigtig en bevind dat baie daarvan intussen verwyder is. Dit was duidelik dat die huis nie geheel en al uit die oorgeblewe materiaal herbou kon word nie. Die plan ontstaan toe om 'n gedeelte van die materiaal in die nuwe gebou in te messel. Die Stadsraad sal dan versoek word om die res te verwyder. Ook dit het nie 'n werklikheid geword nie.

Daarop kom in April 1965 berig dat die Stadsraad besluit het dat niks meer gedoen kan word nie en die materiaal is toe ten koste van R25 verwyder. Al wat oorgebly het is enkele foto's wat mnr Yates indertyd geneem het en by mnr Dotman Pretorius opgespoor is. Die natuurwetenskaplike museum is nooit op die perseel gebou nie en dit is vandag nog 'n parkeerterrein.

'n Mens vra jou af waarom alles so jammerlik misluk het. Miskien was daar nie genoeg daadwerklikheid om die ideale van dr Punt te steun nie. Dit sal nie help om die vinger na die of daardie te wys nie. Almal het skuld daaraan: die Stadsraad, die Provinsie, en Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en seker ook die Genootskap Oud-Pretoria self. Pretoria het 'n kultuurmonument armer geword.

*F.J. du T. Spies*

## DIE AANDEEL VAN DR W.H.J. PUNT IN DIE DAARSTELLING VAN DIE GEDENKTUIN IN MAPUTO, TER HERINNERING AAN DIE LOUIS TRICHARDT-TREK

Die naam van Dr Willem Punt is onlosmaaklik gekoppel aan die geskiedenis rondom Louis Trichardt en van Rensburg se trek na die Noorde. Hulle was die eerste inwoners wat die Kaap Kolonie in 1835 verlaat het. Die tragiese lotgevalle van die trek-geselskap en die baanbrekerswerk wat deur hulle gedoen is het Dr Punt, toe nog 'n sestienjarige seun, getref. Aan sy geskiedenis-onderwyser, Mnr J. de Wet, het hy gesê dat hy nog eendag sal gaan vasstel waar die Van Rensburg-trek uitgemeor en waar Louis Trichardt en sy mense begrawe is.

Hy het woord gehou en na voltooiing van sy studies met navorsing begin. Oor 'n tydperk van ses-en-twintig jaar het hy van sy vakansies en vrye tyd opgeoffer vir hierdie self-opgelegde taak.

Sy navorsing het hom geneem na Lissabon (Portugal) en Londen (Engeland) waar hy die argiewe letterlik deursnuffel het op soek na gegewens wat lig op die saak kon werp.

Die dagboek van Louis Trichardt het hy intensief bestudeer en kon so die roete wat deur die Voortrekker-leier van die Kaap tot by Lourenço Marques gevolg het en die plek waar hulle begrawe is, wetenskaplik bepaal. Dr Punt het sy bevindings geboekstaaf en onder Prof. H.B. Thom as promotor sy doktors-graad verwerf. Die verhandeling is gepubliseer onder die titel "Louis Trichardt se laaste Skof".

In 1952 is die Louis Trichardt-trek-monumentfonds gestig met Dr Willem Punt as voorsitter. Die doel daarvan was om fondse in te samel om 'n gepaste monument op die begraafplaas van die Trekkers op te rig. Weereens het Dr Punt onvermoeide ywer aan die dag gelê om ook hierdie verwante ideaal te verweselik.

Omdat die insameling op 'n deelydse en vrywillige basis gedoen is het dit veertien jaar geduur voordat genoegsame fondse gein was.

Op 12 Oktober 1968 is die Gedenktuin oopgestel. Die argitek was Mnr Johan de Ridder. Minister Jan de Klerk het die oopstellings-rede gehou en met baie waardering gewag gemaak van die besondere betekenis wat die navorsing van Dr Punt vir ons kultuur-historiese erfenis inhou.

Dr H.B. Thom stel dit so in die voorwoord tot die boek "Louis Trichardt se Laaste Skof": "Dr Punt het ons 'n diens bewys deur hierdie studie aan te pak. Dit was vir hom 'n liefdes-arbeid waarvoor hy koste, moeite en opoffering nie ontsien het nie. Oor die roete van die Trichardt-geselskap van Soutpansberg na Delagoabaai en oor die begraafplaas van die Trichardts in Lourenço Marques het hy tot nou toe die meeste en deeglikste nagevors. Met hierdie studie help Dr Punt ons om 'n deel van die Groot Trek-geskiedenis beter te verstaan. Mag sy werk andere aanspoor om ook in hierdie rigting te werk."

Ten slotte kan opgemerk word dat as dit nie was vir die *tydige* navorsing van Dr Punt nie, die ligging van die grafte van Louis Trichardt en sy mense nooit gevind sou gewees het nie. Die huidige politieke klimaat sou navorsing bykans onmoontlik gemaak het.

*J. de W. Trichardt*

*Voorsitter van die Louis Trichardt-Genootskap*

## WAAR DIE VAN RENSBURGTREK IN 1836 VERMOOR IS (Verslag van 'n ekspedisie)

Die ekspedisie is moontlik gemaak deur 'n ad hoc toekenning van die Raad vir Sosiale navorsing van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, met die samewerking van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke. Die Parkeraad het die dienste van dr N. v.d. Merwe, veldwagter G. Adendorff en twee natuurle afgestaan. Verder het die Raad nog twee vragmotors en kampuitrusting verskaf.

Die personeel van die ekspedisie was as volg saamgestel:

Dr W Punt — Leier

Dr N. v.d. Merwe — Skakelbeampte van die Parkeraad

Maj. H. du Toit — Militêre argief

G. Adendorff — Veldwagter

Mnr D. de Ridder — Landmeter

Mnr W. Punt, jr. — Mynverklikker

Mnr J. Punt — Mynverklikker

Mnr S. van Schalkwyk — Fotograaf

Mnr Alfredo Pereira de Lima — Historikus vir die Portugese owerheid

Mnr Adriano Vaz da Silva — Administrateur

Mnr Benjamin Manso — Chef de Poste, Massingere.

By Combomune het ons ook die waardevolle dienste van die winkelier, mnr A. Carrapatoso as Sjangaan-tolk verkry. Die jong kaptein Masambo en sy indoenas was die ekspedisie uiters behulpsaam.

'n Uiters waardevolle bydrae was die gebruik van 3 Jeeps en twee mynverklikkers wat die Departement Verdediging tot ons beskikking gestel het. Die Departement Buitelandse Sake het die reëlings tussen die Portugese regering en ons getref vir die sekondement van mnr A.P. de Lima asook toestemming om die Unie-Portugese grenslyn op enige plek in die Lebombo oor te gaan. Die Otis-hysermaatskappy het meneer Jan Punt weereens spesiale verlof gegee om die hantering van die mynverklikkers waar te neem. Die Direkteur en personeel van Driehoeksmetingkantoor het vir ons die groot roetekaart geteken.

Ons ekspedisie is op 17 September 1959 uit Pretoria en dieselfde nag het ons op Skukuza geslaap. Die volgende dag is ons na Satara alwaar die kampuitrusting opgelaa en die ekspedisie in drie groepe verdeel is. Mnr. W. en J. Punt en D. de Ridder is deur Komatiepoort om mnr A.P. de Lima en 'n koerant-verteenwoordiger in Lourenço Marques te gaan haal. Dr N. v.d. Merwe en maj. H. du Toit het met die kampuitrusting deur Nwanetsipoort na die Limpopo gery. Die ander drie lede het in twee Jeeps noordwaarts na Letabakamp gegaan en 20 myl verder die Lebomborand by Gorionnek oorgegaan. Al drie geselskappe moes by Combomune aan die Limpopo bymekaar kom.

Die geselskap wat oor Gorionnek gegaan het moes vasstel of dit vir Van Rensburg se waens moontlik sou gewees het om langs hierdie roete die Limpopo te bereik. Ons was van plan om dié 70 myl van die Lebombo deur die Shingwedzi tot aan die Limpopo te gaan verken om te sien of dit 'n moontlike trekpad was. Ten ooste van die nek is die Lebombo en die terrein 'n uitgestrekte kliprand met ruie bos. Water is skaars en nérens is daar tekens van ou paaië te bespeur nie. Alle soorte wild is hier volop en elke nag het die leeus om ons kamp gebrul. Die hele gebied is woes en onbewoon. Die terrein is ongetwyfeld onbegaanbaar vir



kakebeenwaens en selfs die Jeeps het maar 2 myl per uur kon aflê.

Nadat ons twintig myl oos tot naby die Shingwedzi gevorder het, het die mopanebos so ruig geword dat die Jeeps nie verder kon nie. Die ondeurdringbare bos het ons verplig om na die Letabakamp terug te keer maar die verkenning het ons egter oortuig dat die Van Rensburgtrek nie oor Gorionnek die Shingwedzi-rivier kon bereik het nie, maar wel deur een van die poorte.

Na ons mening is die trek deur Shilowapoort ongeveer 12 myl noord van Gorionnek. Hierdie poort is vir waens toeganklik en die terrein oos van Shilowapoort is vir waens tot aan die Shingwedzi begaanbaar. In hierdie rivier is daar by Mapacane 'n ou drif waar die Van Rensburgers na ons mening deur is.

Na ons terugkeer in Letabakamp is ons dieselfde dag weer verder en deur die Nwanetsipoort op pad na Combomune. Die dag daarna bereik ons toe ons kamp by Combomune waar ons dadelik met die navoring kon begin.

In ons afwesigheid het die Portugese, onder leiding van die Administateur van Gija, meneer Adriano Vaz. da Silva, met die ondervraging van die natuurle begin. Vir dié doel het die Administrateur en meneer Benjamin Manso, Chef van die pos Massingere 'n groot aantal natuurle ontbied. Kaptein Masambo het met sy indoenas en oes van dae aan die oproep gehoor gegee. By die ondervraging was meneer A. Carrapatoso en ons jarelange medenavorser meneer Alfredo Pereira de Lima die Portugese beamptes uiters behulpsaam. Die Portugese verteenwoordigers het kaptein Masambo en sy volk die versekering gegee dat hulle ons nie hoef te vrees nie en dat daar geen sprake van straf of weerwraak bestaan nie.

Ten spyte van die versekering en ons gerusstellende optrede het dit tog drie dae geduur voordat Masambo en sy mense bereid was om ons die plek van die moord te gaan wys. Die inboorlinge het gesê dat die plek oorkant die Limpopo op die regterwal is. Ons is in die Jeeps die rivier by Masambodrif deur en agt myl verder suid gaan ons die Djindi deur en kom op die moordterrein aan. Toe bevind ons dat dit dieselfde plek is as die wat die landmeter St. Vincent Erskine in 1872 besoek het en op sy kaart aangedui het.<sup>1</sup>

Die dag voordat ons die rivier oor is het die administrateur daarin geslaag om 'n ou aambeeld wat Masambo se volk drie geslagte besit, in ons kamp te bring. Hierdie aambeeld is ongeveer 'n eeu gelede op die moordtoneel gevind<sup>2</sup> en die natuurle was bereid om die presiese plek van die vonds te gaan aanwys.

Op die moordterrein het Medamo Balois die kleinseun van die vinder, ons na 'n groot kremetartboom op die linkerwal van die Djindi geneem. Die boom staan 'n 100 treë van die Limpopo en die aambeeld is digby die stam gevind. Besonderhede oor die geskiedenis van die aambeeld is deur Masambo en sy volk verskaf.

Medamo Balois is deur sy grootvader vertel dat die aambeeld lank gelede aan 'n klomp Europeane behoort het. Die witmense het in karre met vier wiele gekom, perde, baie beeste en bediendes. Al die mense is terwille van hulle groot troppe vee naby die kremetarte gedood.

1. In Julie 1938 was ons reeds op die terrein, maar die ou kaptein Masambo het ontken dat hy iets van die Van Rensburgmoord af weet. Op een kremetart staan nog die letters van een van ons destydse geselskap F.S. 38 (Fritz Steyn).
2. Die kleinseun Medamo Balois het die aambeeld van sy vader Gosa Balois gekry en hy weer van sy vader Kotshane Balois. Laasgenoemde was die seun van Ingwane Balois wat tydens Manukosi se inval gevlug het, maar later weer na die Djindi gebied teruggekeer het.

Kaptain Masambo het ons meegedeel dat hierdie aambeeld gereeld weggesteek is sodra hulle hoor dat Boere van Transvaal in die omgewing was. Die aambeeld is gewoonlik dan gou in 'n gat begrawe, of onder die vloer van 'n hut weggesteek. By 'n paar geleenthede, vertel hy, is die aambeeld by 'n ander in-doena versteek. Op ons vraag waarom hulle die aambeeld dan steeds versteek het, was sy antwoord dat sy voorvaders bang was dat die aambeeld herken sou word en dus die straf op die hals van die Balois sou bring.

Dis aan die Portugese lede van ons ekspedisie te danke dat ons die aambeeld van Masambo se volk kon koop<sup>3</sup>. Tans word die aambeeld deur die deskundiges van Yskor aan wetenskaplike toetse onderwerp om die ouderdom daarvan vas te stel.<sup>4</sup> Volgens die inboorlinge is die aambeeld honderd jaar gelede gevind, maar hoe lank dit onder die kremetart gelê het weet niemand nie.

Dis 'n eenhoring aambeeld wat 5½ lb weeg en alle tekens van ouderdom vertoon. Op die sykant staan twee rye syfers. Die boonste ry is ongetwyfeld 'n datum en lees 0.3.20. Voor die nul is tekens dat daar nog 'n syfer gestaan het en na toetse blyk dat dit 'n 2 was. Ons meen dat die datum 20 Maart 1820 is, maar sekerheid sal eers na die wetenskaplike ondersoek verkry word. Die tweede syfer is 948 wat waarskynlik 'n fabrieksyfer is.

Masambo se volk het ons toe ook die plek gaan wys waar jare gelede 'n klein waband naby die wal van die Limpopo gevind is. 'n Myl verder suid is die plek waar lank terug 'n stuk verroeste waketting gelê het. Die natuurlike het ons verseker dat die wabande gebruik is omdat dit uitstekende harde yster vir assegaaië en spiese is. Daarna het hulle ons die terrein beduie waar die geveg plaasgevind het en hoe die aanval geskied het.<sup>5</sup>

Vier of vyf van die waens was noord van die Djindi en die res suid van die rivier tot aan die kremetart uitgespan. Die 9 waens het langs die voetpad gestaan. Die Zoeloeaanval het uit die rigting van Lourenço Marques gekom en die suidelike groep kakebeenwaens is die eerste oorrompel. Daarna is die geveg na die linkerwal van die Djindi tussen 'n groot mahoniehoutboom en 'n kremetart verplaas en by hierdie kremetart is die laaste Boereverdedigers oorrompel.

Ons het die terrein met mynverklikkers vir metaaloorblyfsels ondersoek dog niks gevind nie. Die moordplek is ongeveer 5 morg groot en 'n opgraving sal 'n maand duur. Die kans om nog ystervoorwerpe aan die oppervlak te vind is gering daar die alluvium die walle van die Limpopo in die afgelope eeu bedek het. Op 'n paar plekke is gate gegrawe en op 'n diepte van 3 tot 4 voet is 'n diep laag as ontdek. Dus 'n aanduiding dat die spoelgrond wel 'n paar voet dik is.

Na verdere bespreking met die natuurlike het kaptein Masambo en sy volk ons die plek gaan wys waar Manukosi se stat tydens die moord gestaan het. Die stat was tussen 3 en 4 myl noord van die Djindi op die regterwal van die Limpopo. 'n Tyd na die moord het Sakana sy stat na die linkerwal van Combomune teenoor Masambo se drif verplaas. Die nuwe stat was 6 myl noord van die ou een op 'n hoogte geleë, wat 'n goeie uitsig oor die Limpopo gebied gee.

Die natuurlike het ons ook vertel dat Manukosi voor die koms van die Voortrekkers twee van Masambo se kaptains vermoor het, maar dat 'n derde betyds

3. Die aambeeld is tans my eiendom.

4. Deur die vriendelike hulp en belangstelling van dr M. Kruger, algemene bestuurder van Yskor word die toetse tans uitgevoer.

5. Sien die twee kaarte wat deur meneer D. de Ridder geteken is. (Hier nie opgeneem nie.)

noordwaarts gevlug het. Hierdie bekentenis het bevestig wat ons by Massingere deur 'n naturel vertel is, nl. dat Manukosi en Masambo by dieselfde plek in die Limpopo water geskep het en dat Manukosi baie natuurle gedood het. Ons ekspedisie het die kop waar ons meen die stat gestaan het in kaart gebring. Op die kop is daar vandag nog 'n stat te sien.

Masambo het ons by sy stat laat stilhou om ons die voetpaaie na die Shingwedzi te wys. 'n Paar myl wes van sy stat gaan drie voetpaaie na die Limpopo. Een pad lei noordoos na die Masambodrif, die tweede gaan reg oos na Masambo se stat, terwyl die derde suidoos oor die Djindi by die handelspad na Inhambane aansluit. Die kaptein vertel dat die pad na die binneland langs die Shingwedzi gaan en dan deur die betrokke poort na Transvaal. Vroeër het die natuurle ook van Shilowapoort gebruik gemaak.

Op die linkerwal van die Limpopo het ons daarna die plek vasgestel waar die Inhambanepad van Combomune na die kus gaan. Die natuurle sê dat die pad nog gebruik word en dat dit deur bosveld en sandwêreld loop.

Op 26 September het die ekspedisie Combomune verlaat en oor Mapai en Pafuri na die Wildtuin gereis. Langs die pad is ons deur die bekende drif by Mapai wat vandag nog druk gebruik word. Op 27 September was ons weer terug in Pretoria.

#### SUMMARY OF THE FINDINGS OF THE EXPEDITION

1. The massacre of the Van Rensburg trek occurred 38 miles to the north of the confluence of the Olifants and on the right bank of the Limpopo Rivers.
2. That Chief Sakana and Manukosi was one and the same person and that he was responsible for the massacre.
3. That Louis Trichardt's patrol followed the actual wagon tracks of the Van Rensburg trek up to the Limpopo River.
4. The route followed by the patrol proved that Sakana's kraal was in the area of the confluence of the Olifants and Limpopo Rivers.
5. The anvil is at present being subjected to tests to try and establish the origin and age, but that it is indisputably old, although the date 20th March, 1820, must still be established.
6. The reconnaissance of the Lebombo Mountain proved that it was only possible for wagons to enter through the Shilowa and Shingwedzi gorges.
7. Owing to the difficult type of terrain at the confluence of the Olifants and Limpopo Rivers, Van Rensburg was compelled to change his course, and decided to proceed to Inhambane instead of Delagoa Bay.

(Uittreksel uit 'n artikel van *dr W. Punt* in *Koedoe* 3/1960)

## 'N REIS MET DR PUNT IN 1976

Sekerlik een van die grootste ervarings in my lewe was 'n twee maande reis om die wêreld in die geselskap van die onvergeetlike Dr Willem Punt gedurende November, Desember 1976.

Vir jare reeds vantevore het die aanloklike voorstel van Dr Punt by my gespook en toe daar die geringste geleentheid daartoe kom, het ek die kans gegryp.

Dr Punt, wat reeds 2 keer vantevore van die plekke besoek het, se gedagte was om 'n wêreldreis te onderneem wat daarop ingestel sou wees om hoofsaaklik plekke in die ooste en die weste te besoek, plekke waar die Hollanders in die 17de en 18de eeu kolonies gestig en erflatings gelaat het soortgelyk aan die Kaapstad en omgewing van 1652.

Met die voornemens om hierdie plekke, gestig deur die Hollands-Wes-Indiese Kompanjie en die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie, te besoek en te verfilm, het 'n kameraman in diens van die S.A. Filmraad, George de Souza, ons vergesel.

Ons eerste besoekplek op die reis was Rio de Janeiro. Vandag is Brasilië natuurlik alombekend as 'n land van Portugese herkoms. Daarom was dit vir my interessant om vas te stel dat dit oorspronklik 'n Hollandse aanleg was. In die boustyl is daar weinig tekens wat daaraan herinner. In die groot ou Stadsmuseum het ons egter talle interessante erflatings van die Hollanders gekry – soos wapens, eetgerei, kleredrag en tuingereedskap – soortgelyk aan dié wat mens in Kaapstad aantref. Verder twee pragtige Rembrandt-agtige skilderye van 'n Hollandse soldaat en 'n Hollandse boer.

Volgende op ons reis was een van dié hoogtepunte – 'n besoek aan die 6 Hollandse eilande in die Karribiese See. In die suide, nie vër van Caracas Venezuela nie, lê drie van die 6, Aruba, Bonaire met die bekendste, Curacao in die middel. Laasgenoemde se hoofstad heet Willemstad en dit was mooi om te hoor hoe die Amerikaanse toeriste van Whillemsted praat – geen sprake van 'n vertaalde Williamstown nie!

Ook die straatname laat enige Suid-Afrikaner tuis voel – Kerkstraat, Langstraat, Kortstraat ens. Die inboorlinge met 'n ligte kleurvel soos van ons Kleurlinge verstaan ons Afrikaans en praat 'n suiwer Hollands.

Die argitektuur van Willemstad en die res van Curacao is op sy eie 'n besoek werd. Verskeie tipe gewels, meer flambojant en pragtig kleurryk as waaraan ons gewoond is. En in plek van ons grasdakke het die huise almal die pragtigste teëldakke, die geute verskuil agter 'n borsweringmuur met 'n uitloop in 'n geboude watertenk om die kosbare reënwater op te vang.

Willemstad is 'n klein kleurvolle intieme stadjie met 'n pragtige gebou-erfenis. Groot olietenskepe vaar die stadjie in die middel die hawe in en uit. Aruba en Bonaire is dunner bevolkte eilande vol van tipiese “gansbaai-vissers-huisies”. As ek terugdink aan die reis, is dit na hierdie drie eilande wat ek die graagste sou wou terugkeer, heelwaarskynlik a.g.v. die verskeidenheid kleure op die geboue – dankie aan die Hollandse Goewerneur van destyds vir wie se sensitiwiteit oë die wit mure glo eens te veel was!

In die noorde van die Karribiese See lê nog drie Hollandse eilande waarvan St. Maarten die grootste – die dorpie hier het ons herinner aan Beaufort Wes of Colesberg op die see!

Op St. Eustatius was ons op 6 November bevoorreg om die 200 jarige eerste erkenning van die Amerikaanse onafhanklikheid deur 'n ander moonheid (Holland) by te woon. Dit was as gevolg van 'n kanonsaluut vanaf hierdie eilandjie toe 'n Amerikaanse vlagskip die hawe binnevaar op 6 November 1776.

'n Draai deur die hoogs interessante ou stad van St. Juan op die groot eiland Puerto Rica, waar Piet Heyn en sy "Silveren vloot" gereeld aangedoen het, en die onvergeetlike Nieu Orleans, is ons via Los Angeles en Honolulu na Taiwan.

Taiwan? kan u wel vra. My verbasing was oorspronklik net so groot om van Dr Punt te verneem dat die Hollanders in die 17, 18e eeu ook reeds in die suide van die destydse Formosa 'n aanleg gehad het met 'n pragtige kasteel nog meer indrukwekkend as die Kaapse Kasteel. Van die oorspronklike Fort Zeeland naby die huidige stad Tainan, is nie veel meer oor nie. Tog het Dr Punt se entoesiasme by die ontdekking van 'n ou verwaarloosde 18e eeuse Hollandse woning van klompies baksteen en klein-ruitjie-vensters 'n onuitwisbare indruk op my gemaak. Dit was vir hom sonder twyfel die hoogtepunt van sy reiservarings.

Vanaf Hong Kong neem ons 'n veerboot na die ou geskiedkundige Portugese stad Macao waar Dr Punt 'n standbeeld van Hendrik die Seevaarder opspoor – 'n buit van die Portugese waarvan Dr Punt vooraf reeds bewus was.

In Singapore bring ons 'n onbepaalde week deur met onsuksesvolle en frustrerende aansoeke vir visas om Djakarta en Indonesië te besoek.

Die reis word afgesluit met 'n weeklange tweede hoogtepunt – die besoek aan Sri Lanka – die vroeëre Ceylon.

Verbasend was dit om die pragtige Hollandse nalatenskap hier te vind, 'n Hollandse kasteel met 'n eg-Hollandse kerk daarbinne in die noordelike stad Jaffna.

'n Hollandse begraafplaas en 'n pragtige kerk (wat my aan die oorspronklike Groote Kerk in Kaapstad of selfs die Rynse Kerk op die Braak van Stellenbosch herinner), in die hoofstad Colombo!

En 'n spierwit gewelkerkie in Galle in die suide, met die letters V.O.C. gedurig sigbaar op poorte, ingange en bokant deure.

Dit was hier waar die selfsekerde takt van Dr Punt weer na vore gekom het, toe hy op 'n vraag van die polisie vanwaar ons kom, onmiddellik antwoord: We are Dutch South Africans! – met die klem op die Dutch – !!

Die onmiddellike reaksie – O! Very good. The Dutch were the best of all the colonial powers – they at least did something for this country!

Vandag na byna 7 jaar is die reis met Dr Punt nog so skerp in my geheue. En daarvoor dank ek Dr. Punt. Hy was 'n man met 'n onvermoeide ywer en entoesiasme wat hom na my mening altyd jonk in sy gees gehou het.

*Hannes Meiring*

## NAVORSINGSWERK

- 1928: Dr Punt begin met navorsing in verband met die Voortrekkerroetes in Noord-Transvaal. Hy lê 200 000 myl af en gee sy bevindings weer in atlasse en ander publikasies. Hy kon daarna bewys dat beide die trekke van Louis Trichardt en Van Rensburg deur die huidige Kruger-Wildtuin na Mosambiek gegaan het.
- 1931: Dr Punt stel ondersoek in na die trekroete van Van Rensburg en veral die moordplek. Die gevolgtrekking waartoe hy kom – na 'n groot indaba met inboorlinge by Punda Milia – is dat Van Rensburg onmoontlik met sy vee en waens deur die Pafuri-gebied kon getrek het. Daar moes dus 'n ander roete verken word.
- 1938: Weereens word 'n vergeefse soektog na die moordplek geloods en daar word besluit om meer inligting aangaande die ou paaie deur die Wildtuin te verkry.
- 1945: Dr Punt ontdek die begraafplaas van Louis Trichardt en sy mense in Lourenço Marques.
- 1946: Dr Punt word as leier aangestel van die ekspedisie wat Trichardt se roete van Zoutpansberg na Delagoabaai moes verfilm.
- 1949: Die vlae wat hy van 1938 af versamel het, word op 15/16 Desember by die Voortrekkermonument vertoon. Dit was die eerste dergelike vlagvertoon in Transvaal.
- 1949: Mnr J.G. Strijdom, minister van Lande, versoek dat die geskiedenis en benaming van die trekpaaie tussen Lydenburg en Lorenço Marques, veral in die Wildtuin, nagegaan moet word. Dr Punt is hiervoor genader.
- 1950: Met behulp van 'n transportryer is die pad gevolg en in Oktober is die verslag met roetekaart aan die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke voorgelê. Die roete van Lydenburg na Delagoabaai is ook nagegaan en daar is ook vasgestel dat die winkel van Joao Albassini se hoofdoena by Pretoriuskop gestaan het.
- 1953: Met behulp van 'n reisbeurs van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap werk hy vir ses maande in die argiewe van Portugal, Italië, Duitsland, Nederland, Engeland en Oos-Afrika.
- 1957: Saam met mnr Rocco Knobel, direkteur van Nasionale Parke, het dr Punt plekke in die Wildtuin gaan uitsoek vir die aanbring van bronsplate deur die Historiese Monumentekommissee. Nuwe inligting is weer eens verkry en dr Punt kom tot die gevolgtrekking dat die Van Rensburgtrek naby die sameloop van die Olifants- en Limpoporivier vermoor is.
- 1958: Dr Punt stel vas dat Frans de Kuiper vergesel van 30 man, wat in opdrag van die VOC vanuit Delagoabaai na Monomotapa gaan soek het, tot in die huidige Krugerwildtuin gevorder het. Dit het in 1725 gebeur en hulle was die eerste blankes wat in die huidige Transvaal verskyn het. Teen die einde van hierdie jaar is die ondersoek na die Van Rensburgmoordplek weer aangepak. Waardevolle inligting is van inboorlinge verkry.



*Dr Punt, die navorser*

- 1959: Met steun van die Parkeraad is weer 'n ekspedisie aangepak en hulle slaag daarin om die moordplek 35 myl noord van die sameloop van die Olifants- en Limpoporivier, op die regterwal van laasgenoemde vas te pen. Dr Punt vind ook hier 'n aambeeld wat aan die Van Rensburgtrek behoort het en bring dit saam na Pretoria. Ook die roete van Van Rensburg deur Noord-Transvaal word gekarteer.
- 1960: In Junie word dr Punt deur die British Council vir ses maande na Engeland genooi en hy bestudeer die werk van die Nasionale Trust. In Nederland bestudeer hy die werk van die Vereniging Hendrik de Keyser. Hy besoek ook die VSA en besigtig die restourasie van Williamsburg.
- 1976: Saam met mnre Hannes Meiring en George de Souza onderneem dr Punt 'n reis om die wêreld op die spoor van oorblyfsels van die Hollandse koloniale argitektuur.

## STIGTINGS EN ANDER ORGANISASIES

Dr Punt was verantwoordelik of mede-verantwoordelik vir die oprigting van verskeie liggame waarin hy 'n leidende rol gespeel het; onder andere die volgende.

### 1. Stigting Simon van der Stel.

Vanweë sy liefde vir die historiese oudhede van Suid-Afrika besluit hy dat iets daadwerkliks gedoen moet word om dit vir die nageslag te bewaar. Dr Punt beoog hier in Suid-Afrika iets soortgelyks as die vereniging Hendrik de Keyser in Nederland. In 1955 reeds het die Akademieraad hom ten gunste van so 'n vereniging uitgespreek. In 1959 is 'n stigtingskonferensie belê en op 8 April 1959 vind die oprigtingsvergadering plaas in die Kasteel de Goede Hoop. Dr Punt word later aangewys as direkteur van die pasgestigte organisasie wat 'n nie-winsgewende maatskappy sou wees. Kultuurhistories is dit geweldig belangrik want nou is daar 'n daadwerklike poging om ons argitektonies belangrike geboue te bewaar en te restoureer. Die geboue wat die stigting al gerestoureer het en gered het van slooping alleen sreek al boekdele, want in die bestek van 15 jaar is veel gedoen om ons mense meer bewus te maak van hierdie pragstukke en dit alles te danke aan dr Punt se ywer en baie harde werk. Dr Punt het September 1974 uitgetree as direkteur van die Stigting, maar het daarna nog drie jaar in 'n adviserende hoedanigheid aangebly. Sy seun, Willem, volg sy vader op.

### 2. Louis Trichardt-trek – Monumentfonds

Dr Punt tree ook op as voorsitter van hierdie fonds wat die Trichardt-gedenktuin in Lourenço Marques angelê het (1965). Die fonds is alreeds in 1952 in die lewe geroep om die kerkhof van die Trichardts aan te koop en aldaar 'n gedenktuin uit te lê.

### 3. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

In 1967 word 'n besondere erepenning vir kultuurhistoriese prestasie deur die Akademie aan dr Punt toegeken "een van die mylpale langs die pad van 'n volhardende navorsers en 'n bekroning van jarelange, onvermoeide ywer, taai wilskrag en hooggestemde idealisme".



#### 4. Genootskap Oud-Pretoria

Die idee om hierdie vereniging te stig het in 1948 van dr Punt uitgegaan. Dr Ploeger noem hom met reg die geestelike vader van die genootskap. Dr Punt het veel gedoen op die gebied van straat en wyksname — baie van die name het 'n oorsprong by hom. In sy hoedanigheid as bestuurslid van die Genootskap was hy ten gunste van die behoud van die historiese karakter van Pretoria.

#### 5. Stigting Jan van Riebeeck in S.A. & Nedl.

Alreeds in 1952 is die aandag gevestig op die toestand van die Van Riebeeck-huis in Culemborg, Nederland. Dr Punt het hier van te hore gekom en tydens 'n besoek aan Nederland ook die burgemeester van Culemborg besoek en met hom onderhandel. Terug in Suid-Afrika kon hy geen hulp van enige instansie kry nie. Mnr Van Koningsbruggen, die burgemeester, besoek dr Punt en op die besoek volg 'n briefwisseling waardeur dr Punt op hoogte bly van alle verwickelinge betreffende "De Fonteyn". Tydens 'n besoek aan Culemborg in 1960 kon dr Punt meedeel dat 'n komitee van ondersoek aangestel is om 'n oplossing te vind.

Restourasiefondse móés verkry word, maar die skenkers was uiters traag en die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het staats hulp vir die restourasie geweier. Dr Mary Cook het met die voorstel gekom dat 'n restourasiefonds gestig moet word en sy was bereid om daar en dan haar bydrae te lewer. Dr Punt het versoek dat 'n afsonderlike komitee vir die doel gestig word. Weereens volg same-sprekings met die burgemeester in Culemborg, maar nog steeds is daar 'n traagheid onder die publiek om iets daadwerkliks te doen. Maar toe teen die einde van 1963 word uit Nederland berig dat indien restourasie nie onverwyld aangepak word nie, sloping onvermydelik sou wees. In Januarie 1964 het die streeksbestuur van die Stigting Simon van der Stel 'n afsonderlike lys begin. 'n Week later word ook die A.N.V. in Kaapstad genader. Dr Punt nader mnr Ton Koot van die "Bond Heemschut" oor die nuutste verwickelings en die Nederlandse regering het in April 1964 restourasiesubsidies toegestaan.

Op 20 Februarie 1965 vind die stigtingsvergadering van die Van Riebeeck-huis-restourasiefonds aan die huis van regter V. Hiemstra plaas met dr Punt as die aangewese voorsitter daarvan. Die projek slaag en die nodige is ingesamel.

6. Die Hoofstad-bepanningskomitee
7. Die Transvaalse Provinsiale Administrasie se Komitee vir die Bewaring van Oudhede (voorsitter).
8. Die Raad van Heraldiek van die Republiek van Suid-Afrika
9. Die Historiese Monumentekommissie (later Raad vir Historiese Gedenkwaardighede).
10. Die Heraldiese Vereniging "Arma" van Suid-Afrika.

*A.C. de Villiers*

#### PUBLIKASIES

1. Willem J H Punt, *Louis Trichardt se laaste skof*. Louis Trichardt se trek van Zoutpansberg na Delagoabaai (met hoofstukke oor sy verblyf in Lourenço



*Dr Punt op gevorderde leeftyd*

Marques en Karel Trichardt se reis langs die Ooskus.) Proefskrif D Phil Stellenbosch. Pretoria 1953.

2. Dr W H J Punt (met foto's deur Eric Vertue), *The White walled Beauty of the Cape*. Kaapstad 1965.
3. W.H.J. Punt, J. Ploeger, F.C.L. Bosman e.a., *Bewaring van ons erfenis. Deel I Bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels*. Caltex, Kaapstad 1966.
4. Willem Punt, Clemens Trefois en Jan Ploeger, *Ons Kaapse Gewels/Our Cape Gables*. Uitgegee deur die Stigting Simon van der Stel. Herdruk Pretoria 1970.
5. Dr W.H.J. Punt, dr J. Ploeger, dr C.J. Schutte Strydom, en H. Klein, *Historiese tablo's op teels / Anglo Boer War on Tiles*. Brosjyre/album uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens, 1970.
6. Dr W H J Punt, *Die eerste Europeane in die Nasionale Krugerwildtuin 1725 The first Europeans in the Kruger National Park*. Publikasie van die Raad van Nasionale Parke van die Republiek van Suid-Afrika, Pretoria 1975.

A.C. de Villiers

## ARTIKELS VAN HISTORIESE AARD DEUR WILLEM HENRY JACOBUS PUNT

1. Geographic Influences on the Great Trek and Later, Die Suid-Afrikaanse Aardrykskundige Tydskrif, XIV, Desember 1931.
2. Klimaat, Berge en Riviere, en hulle invloed op die Groot Trek met roete-kaart, Die Vaderland, 10.12.1936.
3. Baanbrekerspore van die Ossewa, met roetekaart (Art. in: Die Gedenkboek 1938, Johannesburg, 1938).
4. Die Van Rensburg-raaisel, I, II, & III, Die Volkstem, 6, 7 & 23.8.1939.
5. Louis Trichardt is deur Pienaarsnek, Die Brandwag, 1.12.1939.
6. Hoe die Voortrekkers getrek het, Die Vaderland, 16.12.1939.
7. Op Trichardt se Waspore, Die Huisgenoot, 4.4.1941.
8. Die "Trouw Boek" van die Potgietertrek, Die Huisgenoot, 19.6.1942.
9. Our early Voortrekkers (Van Rensburg and Trichardt) and their links with Mozambique, The Outspan, 7.7.1944.
10. Die Trichardt-begraafplaas in Lourenço Marques, Die Volkstem, Augustus 1944.
11. How I discovered the Trichardt Graveyard in Lourenço Marques, The Outspan, 15.9.1944.
12. Trichardt did not pass through Chueniespoort (24 September 1837). Africana Notes and News, March 1945.
13. Europese Tale van Afrika, Die Huisgenoot, 30.11.1945.
14. The State should gather historical data about Africa, The Outspan, 7.2.1947.
15. Die Groot Trek sal van wêreldbetekenis word, De Nederlandsche Post, Desember 1947.

16. Op besoek by 'n Voortrekker van Oos-Afrika, *De Nederlandsche Post*, Januarie 1948.
17. Louis Trichardt, 1783–1838, *The Outspan*, 20.7.1951.
18. Enige besonderhede in verband met Du Preezhoek, *Pretoriana*, Deel I, Nr 1, September 1951.
19. Die toekoms van Kerkplein, *Pretoriana*, Deel I, Nr. 2, Desember 1951.
21. 1652–1952, *Pretoriana*, Deel 1, Nrs 3 & 4, Maart 1952.
22. Ons Stad groei/Our City is growing, *Pretoriana* Deel 2, Nr 1, September 1952.
23. Pres. Kruger en die staanplek van sy standbeeld, *Pretoriana*, Deel 2, Nr. 1, September 1952 (verklaring afgeneem van mev. Helena de Zwaan).
24. Die Genootskap Oud-Pretoria se standpunt i.v.m. die Kruger-standbeeld en die toekoms van Kerkplein, *Pretoriana*, Deel 2, Nr 2, Desember 1952.
25. 'n Versameling seldsame dokumente en foto's, *Pretoriana*, Deel 2, Nr 3, April 1953.
26. The Fountain Lodge, *Pretoriana*, Deel 2, Nr 4, Julie 1953.
27. Waar President Kruger in 1895 en 1900 in Lourenço Marques tuis was, *Pretoriana*, Deel 3, Nr. 3, April 1954.
28. 14 Julie 1904, *Pretoriana*, Deel 3, Nr. 4, Julie 1954.
29. 'n Besoek aan Villa Dubochet 17, Clarens, *Pretoriana*, Deel 4, Nr 1, September 1954.
30. Moderne argitektuur gaan ons Kerkplein skend, *Pretoriana*, Deel 4, Nr. 2, Desember 1954.
31. Brokstukke uit "My Ervarings en Herinneringe Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog" opgestel deur kapt. Alex. George Boshoff en verwerk deur dr. W. Punt en J. Ploeger), *Pretoriana*, Deel 4, Nr 2, Desember 1954.
32. Jaarverslag, Genootskap Oud-Pretoria/Annual Report, Association Old Pretoria, *Pretoriana*, Deel 4, Nr 3, April 1955.
33. Pretoria's First Centenary, 1855–1955, *Pretoriana*, Nrs 16 & 17, Julie–September 1955.
34. Die Wapen van ons Genootskap, *Pretoriana*, Nrs 16 & 17, Julie–September 1955.
35. 'n Besoek aan Ouddorp (deur dr Willem Punt), *Pretoriana*, Nrs 16 & 17, Julie–September 1955.
36. Die Eeufeesjaar is verby, *Pretoriana*, Nr 18, Desember 1955.
37. Jaarverslag 1955, Genootskap Oud-Pretoria/Annual Report for 1955, Association Old Pretoria, *Pretoriana*, Nr. 19, April 1956.
38. Wyle mnr. Just de Loor, *Pretoriana*, Nr. 20, Julie 1956.
39. Ons Voorsitter aan die woord (verwelkoming van mnr H.M. Rex as nuwe redakteur van *Pretoriana* in plek van dr T.S. van Rooyen), *Pretoriana*, Nr 23, April 1957.
40. Henk Pierneef, *Pretoriana*, Nr. 25, Desember 1957.
41. Jaarverslag 1957, Genootskap Oud-Pretoria/Annual Report 1957, Association Old Pretoria, *Pretoriana*, Nr 25, Desember 1957.
42. Ons Genootskap (Oud-Pretoria) 1948–1958. *Pretoriana*, Nrs 26 & 27, April–Augustus 1958.
43. Die Van Rensburg-moord, *Jaarboek 1957–1958*, Ned. Hervormde Sustersvereniging.



- 43(a) Die Simboliek van die Trichardt-gedenktuin in Lourenço Marques. Tydskrif van Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1958.
45. Verkenning van die Krugerwildtuin deur die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, 1725, Koedoe, Nr. 1, 1958.
46. Jaarverslag 1958, Genootskap Oud-Pretoria/Annual Report, Association Old Pretoria, Pretoriana, Nr. 29, April 1959.
47. Heloise Greenlees. In Memoriam, Pretoriana, Nr 30, Augustus 1959.
48. Voorgestelde gedenktuin vir die Louis Trichardt-trek in Lourenço Marques, Hetzog-Annale, 6, Desember 1959.
49. Woord van Waardering aan Dr Spies, Pretoriana, Nrs 32 & 33, April–Augustus 1960.
50. Klapperkop – an old republican fort in Pretoria – may become a restaurant, South African Panorama, Vol. 5, No. 8, August 1960.
51. Ons Eerste Jaar (van die Stigting Simon van der Stel)/Our First Year (Simon van der Stel Foundation), I, Mei 1960 (Hierna net verwys na Bulletin).
52. Historic Buildings: Work of the Simon van der Stel Foundation, South African Builder, Vol. 38, No. 11, November 1960.
- 52(a) Red ons Erfenis, Die Huisgenoot, 4 Desember 1960.
53. Waar die Van Rensburg-trek in 1836 vermoor is, Koedoe, Nr. 3, 1960.
54. Restoration is in the interests of the national economy, Bulletin 2, March 1961.
- 54(a) Monumentsorg bevorder nasietrots (Dr W. Punt & Dr J. Ploeger), Lantern, Maart '61.
55. Age-old republican ideal realized, South African Panorama, Vol. 6, No. 5, May 1961 (In samewerking met dr Jan Ploeger).
56. Staatsmodelskool as historiese gedenkwaardigheid, Onderwysbulletin 6, September 1961.
57. Louis Trichardt se voorsate, Historia 6, September 1961.
58. Beskawing eis bewaring, Bulletin 4, April 1962.
59. G(erard) Rissik, Penningmeester van die Genootskap Oud-Pretoria en President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Pretoriana, Nrs 39 & 40, Augustus – Desember 1962.
60. Beknopte oorsig van die historiese navorsing in die Nasionale Krugerwildtuin, Koedoe 5, 1962.
61. Beroepsburgemeester word verlang, S.A. Munisipale Tydskrif 44, Januarie 1963.
62. Familie Heuffke, Familia 3, 1964–1965.
63. 'n Pleidooi, Bulletin 9, Oktober 1964.
64. 'n Vergete wêreldryk, Bulletin 12, April 1966.
65. Relics of the vast Dutch commercial Empires (The Dutch East and West India Companies) I, Bulletin 13, Oktober 1966, II, Bulletin 14, April 1967.
66. Gelukwensing van dr Willem Punt, Stigter en Eerste Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria (1949–1969).
67. In Memoriam Sy Edele Dr Wm. Nicol, 1887–1967, Bulletin 15, Oktober 1967 (In medewerking met dr Jan Ploeger, Redakteur, Bulletin).
68. From the beggar era (horses in art), South African Panorama 13(2), February 1968.
69. Our First Ten Years/Ons Eerste Tien Jaar, Bulletin 18–19, April 1969.

70. Besonderhede aangaande kunswerke/Details concerning portraits, Bulletin 18—19, April 1968 (In samewerking met dr. Jan Ploeger, Redakteur, Bulletin)
71. Save our heritage, Bulletin 22, Oktober 1970.
72. Die ontstaan van die “Stigting Jan van Riebeeck” in Suid-Afrika, Bulletin 23, April 1971 (In medewerking met mnr Willem J. Punt).
73. Afrikaans in Holland, Bulletin 23, April 1971.
74. The Dutch Castle at Elmina in Ghana (1869), Bulletin 24, Oktober 1971.
75. Mauritius, Bulletin 25, Mei 1972.
76. City Bank (Barclays Bank) is praised, Bulletin 26, Oktober 1972.
77. Kaap kort ondergrondse treinstelsel, Bulletin 27, April 1973.
78. Our Editor-in-Chief/Ons Hoofredakteur (Dr Jan Ploeger), Bulletin 28, September 1973.
79. Ontwikkel liefde vir monument, Bulletin 31, Junie 1975

*A.C. de Villiers*

## ROLPRENTE EN SKYFIES

Dr Punt is direk betrokke by die vervaardiging van sommige dokumentêre films en hy gebruik dit ook in sy lesings en voordragte.

1. 'n 16 mm kleurrolprent “Spieël van ons verlede” is in 1960 vir die Stigting Simon van der Stel vervaardig. Dit handel oor die bewaring van ons histories-belangrike geboue.
2. Louis Trichardt se tog van Zoutpansberg na Delagoabaai in 1838. 16 mm. Kleurrolprent. Dit is dan ook die eerste dokumentêre rolprent in Afrikaans.
3. Die koms van die eerste blankes wat in 1725 Transvaal binnegedring het; 'n Hollandse ekspedisie van 31 man o.l.v. Frans de Kuiper en sersant Johannes Monna. Kleurrolprent 16 mm.
4. “Fort Merensky Herleef”, 1964. 'n Dokumentêre film aangaande restourasie van Fort Merensky, Middelburg, Transvaal.
5. 'n Dokumentêre film oor Boekenhoutfontein en die restourasiewerk daarvan.
6. Inwyding van die gedenktuin in Lourenço Marques — rolprent.
7. Kleurskyfies van historiese geboue, Kaaps-Hollandse boustyl, pionierwoning en monumente.

*A.C. de Villiers*

*Sy belangstelling in ons ryke volksverlede is grensloos, sy energie en werkvermoe is eindeloos en sy omgang met sy medewerkers is altoos simpatiek en waarderend . . . Gelukkig is die liggaam aan wie dr Punt sy hulp verleen en gelukkig is die Volk van Suid-Afrika by wie hy hom onvoorwaardelik in diens gestel het. Ons het meer sulke manne nodig.*

*Dr G.W. Eybers (Pretoriana Des. 1959)*

## BEGRAFNIS

**Willem Henry Jacobus Punt**

\*26-04-1900 – †22-05-1981

### **Kerkdien**

Dinsdag 26 Mei 1981 11h00

N.G. Kerk Bronberg Sunnyside Pretoria RSA

### **Teraardbestelling**

Pretoria-wes-begraafplaas Rebeccastraat

### **Verversings**

“De Punt” Charlesstraat 479, hoek

Brooklynweg Menlopark Pretoria

12h15 – 14h30

### **IN DIE KERK**

Die diens word gelei deur ds P. Combrink, predikant in die Nederduits-Gereformeerde Gemeente Bronberg Pretoria

### **Skriflesing**

*Psalm 78 verse 1 tot 12.*

*Handelinge 13 verse 26 tot 37*

**Teks: Handelinge 13:36**

Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders waggelê en het verderwing gesien.

### **Gesang 285.3**

By die ope graf, o Here —  
aan U ons lof en dank en ere!  
U het die dood vir ons oorwin!  
Elke sterwe bring besinning,  
Maar, Heer, u sterwe bring oorwinning,  
net U lei ons die lewe in!  
So droog ons by die graf  
dit bitter trane af —  
Halleluja!  
aan U die eer, gesalfde Heer,  
wat ook oor graf en dood regeer!



### Gesang 353:4

Ek weet aan wie'k my toevertrou het,  
al wissel dan ook dag en nag;  
ek ken die Rots op wie'k gebou het,  
van wie ek al my heil verwag.  
Eens aan die einde van my lewe,  
sal ek, van alle sorge vry,  
vir elke dag my hier gegewe  
u hoër, reiner loflied wy.

#### Huldeblyk:

Dr N.A. Coetzee  
Sekretaris van die Willem Punt-Vereniging  
Redakteur van Pretoriana (Genootskap Oud-Pretoria)

#### Bedankings:

Mnr Willem J. Punt

### DRAERS

#### By die Kerk

Dr Herman Rex	Vriend, oud-kollega en medewerker
Mnr Hannes Meiring	Vriend en medewerker
Mnr J de Wet Trichardt	Vriend en medewerker Voorsitter van Trichardt-Genootskap
Mnr Johan de Ridder	Neef – susterskind
Mnr Jim Ruwers	Neef
Jongeheer Anton W. Punt	Kleinseun

#### By die Graf

Mnr Willem J. Punt	Seun
Mnr Jan W. Punt	Seun
Dr Anton M. Punt	Seun
Dr Steve Driver	Skoonseun
Dr Chris van der Merwe	Skoonseun
Mnr Lourens J. Punt	Kleinseun



## VOORSITTERSVERSLAG - JAAR 1982-83

Dit is vir my 'n voorreg om soos volg te rapporteer aangaande die werksaamhede van die Genootskap Oud-Pretoria vir die afgelope boekjaar.

Die bestuur was soos volg saamgestel en die werk van elke bestuurslid word aangedui.

Voorsitter	Dr N A Coetzee	
Visie-Voorsitter	Mnr W J Punt	Waaksaamheid & Straatname
Tesourier	Mnr Anton Jansen	
Redakteur (Pretoriana)	Prof F du T Spies	
Sekretaresse	Mev M L Willmer	
Hulpsekretaresse	Mev B Steenekamp	
Argivaris	Dr P J Venter	
Lede	Mnr T E Andrews	Nuusbrief
	Mev M Andrews	Bustoere
	Dr H C Petrick	Historiese Grafes
	Mnr N Lemmer	Pretoriase Forte
	Mnr C F T Hendrikz	Skooltuine-kompetisie
	Mnr M Emms	Reëling van Funksies

Die volgende sake is gedurende die jaar deur die Genootskap Oud-Pretoria afgehandel.

### 1 Transvaliana/Pretoriana Uitstalling

Hierdie uitstalling wat in samewerking met die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, die Africana Vereniging van Pretoria, die Stigting Simon van der Stel en die Mediese Historiese Vereniging van Noord-Transvaal georganiseer is was 'n groot sukses. Die uitstalling is op 24 November 1982 geopen. Dank word oorgebring aan mnr Mervyn Emms wat die organisasie so suksesvol behartig het. Hierdie uitstalling sal jaarliks plaasvind met variasie van die tipe materiaal wat versamel en vertoon sal word.

### 2 Pretoria-Stigtersdag.


Op 17 November 1982 net na die gesellige piekniek-afsluitingsbyeenkoms by die Fonteine is 'n Kranslegging deur die Genootskap waargeneem in die Kerkstraatbegraafplaas op die graf van die eerste predikant van Pretoria - Ds Begeman. Die Voorsitter het 'n toespraak gelewer en namens die Stadsraad van Pretoria is 'n krans gelê deur die adjunk-Burgemeester, Raadslid van Jaarsveldt. Ook het die Genootskap 'n krans gelê op die graf van hierdie pionier van Pretoria.

- 3 Samesprekings is met die Middestad vereniging gevoer met die doel om die Lewis & Marksgebou en die Kynochgebou te bewaar met die voorgenome ontwikkeling van die betrokke straatblok regoor die Staatsteater as die Verwoerdplein. Daar word nou meer belangstelling getoon in die bewaring van ou geboue of hulle fasades as in die verlede, danksy die pleidooie van die Genootskap Oud-Pretoria.
- 4 Onderhandelings is met die Stadsraad van Pretoria gevoer oor die bewaring van gedeeltes van die Ou Tremloodse en Ou Kragstasie van Pretoria in die straatblok tussen Schoeman, van der Walt, Pretorius en Prinsloo strate.
- 5 Deur bemiddeling van die lede van die Genootskap Oud-Pretoria is die verwydering en verwaarlosing van die historiese klip-mylpaal langs Kerkstraat-Oos verhoed en is die mylpaal in ere op 'n geskikte plek ingeplant na die werk aan die sypaadjie voltooi is.
- 6 Versekering is van SANLAM ontvang dat die naam (of gedeelte daarvan) behoue sal bly in herinnering aan die ou Residensie-hotel wat gesloot is om plek te maak vir hulle nuwe gebou in Schoemanstraat in die middestad.
- 7 Vordering is gemaak met die opsporing van die Booysen-Serwituuthouer van die Voortrekker-Booysengrafte langs van der Hoffstraat in Booyens, Pretoria. Sodra die toestemming van die serwituut-houer verkry is, sal die restaurasie van die grafte aandag geniet. Die Stadsraad van Pretoria en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede sien nie kans om hierdie begraaftplaas te restoureer nie, dit val buite hulle bestek.
- 8 Die publikasie van Pretoriana No 82 en 83 kon afgehandel word, niesteenstaande die finansiële probleme. Dank aan Prof F du T Spies, wat as redakteur reeds verdere werk gedoen het vir die publikasie van die dr Willem Punt gedenkuitgawe wat in April/Mei verwaag word. Ons bedank Prof Spies.
- 9 Die Genootskap het met die Universiteit van Pretoria saamgewerk in die bewaring van Kaya Rosa waar die Universiteit in 1908 met sy klasse begin het. Die gebou sal op die Universiteitskampus op die hoek van Roperstraat en Lynnwoodweg heropgerig word en sal dan gebruik word as Inligtingsburo van die Universiteit. Die bronsplaat wat die Genootskap Oud-Pretoria jare gelede aangebring het sal ook oorgeplaas word.
- 10 'n Baie aangename braaivleisfunksie is op 10 Julie 1982 op die plaas van mnr Boet Velthuysen gehou. Laasgenoemde het die vleis voorsien en die Voorsitter het in dank 'n diploma Vriend van die Genootskap Oud-Pretoria aan mnr Velthuysen oorhandig. Dank ook aan mnr en mev Henningse en die kinders vir hulle gasvryheid en onthaal. Ook dank aan Mollie Willmer vir haar reëlins as suster van mnr Velthuysen.
- 11 Die Bustoere het gedurende die jaar baie suksesvol verloop en dank word oorgebring aan mnr en mev T E Andrews vir hulle onvermoeide ywer. Nuwe lede word gedurende die bustoere gewerf en ook is geld ingesamel vir die restaurasie van die Booysengrafte. Die verkryging van spesifieke persone om as gidse te dien by die verskillende plekke of terreine wat

besoek word is 'n groot werk wat uitstekend deur mnr en mev Andrews behartig word. Dank word ook hiermee aan die gidse uitgespreek.

- 12 Aandag is geskenk aan die bewaring van die Mundbegravingplaas wat in verband staan met die Pioniershuis in Silverton wat reeds deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum gerestoureer is en vir die publiek as ontspanningsoord opgestel is.
- 13 Aandag word geskenk aan die dokumentasie oor die du Preezhoek begravingplaas, danksy die ywer van Dr H C Petrick. Hierdie was die oudste begravingplaas van Pretoria en is reeds vroeër na die Kerkstraat-begravingplaas oorgebring.
- 14 Die Laerskole Tuine-kompetisie vir 1982 is suksesvol afgehandel, en dank is verskuldig aan mnr C F T Hendriksz wat die organisasie jaarliks waarneem en die funksies vir die prysuitdeling by die skole behartig.
- 15 Die bewaring van die ou fort naby die Eerste Minister se Amptelike woning geniet aandag. Dit staan bekend as Johnston Redoubt en is nog in 'n besondere goeie toestand. Die hulp van die Eerste Minister word verkry in hierdie bewarings-projek. Ook word die fontein in die Wonderboomfort onder die aandag van die Parkeraad gebring. Mnr Lemmer word bedank vir sy ywer.
- 16 'n Interessante lesing oor Forte deur mnr Tomlinson is in die Poskantoor Museum gehou, dank sy die reëlings deur mnr Mervyn Emms.
- 17 Die Departement Gevangenis- en Beroepsreg het beloof dat items van die gesloopte ou Gevangenis op die Gevangenis-terrein bewaar sal word en ingeskakel sal word by die nuwe geboue wat beplan word. Veral sal aandag geskenk word aan die hskakeling van die ou Tronkdeure wat in besit van die Genootskap Oud-Pretoria is. Die Fort in Johannesburg word as 'n Gevangenis-Museum ingerig en sommige items wat bewaar word sal daarheen oorgeplaas word.
- 18 Die Genootskap onderhandel met die Administrateur van Transvaal vir die bewaring en benutting van die Erasmus-huis (met die torings) op Erasmusrand. Die terrein en huis behoort nou aan die Provinsie van Transvaal.
- 19 Die Genootskap is verteenwoordig op die Straatnamekomitee van die Stadsraad van Pretoria en aanbevelings word met oorleg gedoen. Mnr W J Punt hou 'n wakende oog en hy word van harte bedank. Die Genootskap bevestig weereens sy beginselbesluit dat name van strate 'n historiese erfenis is en nie verander moet word nie. 'n Besondere woord van dank word gerig aan al die Komiteelede wat hulle afsonderlike departemente se belange so bekwaam gedien het. Ook word die Sekretaresse mev Mollie Willmer bedank vir haar bekwaame hantering van all sake en vir haar ywer om die Genootskap Oud-Pretoria te dien. Mev B Steenekamp wat in stilte al die swaar en eentonige werk doen om adresse te skryf op al die briewe en tydskrifte wat aan die lede gaan, word van harte bedank. Die kontak met ons lede is die belangrikste werksaamheid van die Genootskap.

Ons dank aan die Argivaris Dr P J Venter vir sy werk om belangrike dokumente en items te orden vir bewaring in die Argief van die Genootskap wat in die Staatsargief in die Uniegebou opgeberg word.



VICTORIA DRUKKERY PRETORIA